# HOOFSTUK 5

## OUER - ONDERWYSERSAMESPREKINGS AS BELANGRIKE STUT IN VOOGONDERWYS

### I. INLEIDING

Om van voogonderwys 'n sukses te maak móét die voogonderwyser die kind se agtergrond ken. Die beste manier om hierdie inligting te verkry is om huisbesoek te doen. Die Transvaalse Onderwysdepartement beveel ook huisbesoek aan, maar stel dit nie as 'n vereiste nie. In die praktyk is daar talle probleme wat dit moeilik vir voogonderwysers maak om huisbesoek te doen. Die enigste alternatief skyn ouer-onderwysersamesprekings[1]) te wees wat op 'n georgani= seerde en wetenskaplike wyse moet plaasvind. Dit word egter betwyfel of samesprekings met kinders se belangrikste voogde enige aandag in onderwysersopleiding geniet. Voogonderwys het sy beslag gekry om doeltreffender uitvoering aan die verskerpte vernuwing in die onderwysprogram te gee o.a. ook deur middel van individualisering en differensiëring. Ouers word veelal in die duister gelaat oor vele sake in die onderwysprogram wat kan meebring dat hulle die talryke vernuwings nie net bevraagteken nie, maar ook afsydiger

---

1) In hierdie hoofstuk word van samesprekings, onderhoude en konferensies gepraat, wat as sinonieme beskou moet word.

teenoor hulle kinders se opvoeding en onderwys kan laat staan. Voogonderwysers het ook hier 'n taak om deur middel van samesprekings belangstelling by ouers te wek en vertroue in te boesem.

Van die kleuterskool tot in die sekondêre skool is sinvolle konferensies met ouers altyd inligtendgewend vir ouer én onderwyser en tot groot voordeel van kinders en adolessente. Konferensies is deel van die moderne onderwyser se verant=woordelikheid. Daar moet persoonlike kontak wees. Briefies en omsendbriewe aan en beroepe op ouers sal hulle waarde eers hê wanneer die ouer ervaar dat sy kind se onderwyser werklik in hom as mens belangstel en in sy ouers as mense.

Die dag wanneer elke onderwyser in die georganiseerde onderwys=beroep besef dat hy volksleier, geestelike en kultuurleier is, nie net van die kind nie, maar ook van die volwassene in die skoolgemeenskap, sal hy moontlik pogings aanwend om ouers ten volle by die aktiwiteite van die skool te betrek. Die skool, deur sy hoof en voogonderwysers, het die voorreg en verpligting om ouers doelbewus en planmatig te lei om hulle plek in húlle skool vol te staan. Ouers is bereid om diens te lewer, maar hulle soek ook bietjie warmte, deernis, persoonlike belang=stelling en waardering.

Deur te kommunikeer kan die skool goeie begrip en vriendskap of ontwikkeling van kultuur of duidelike verskille meebring. Dit beteken voorts om met iemand iets te deel, oorleg te pleeg en mee te deel. Ouer en onderwyser kan oor hulle

/185.

verskille gesprekke voer en kennis en inligting uitdeel. Sowel andersdenkendes as eendersdenkendes moet in gesprek, oorleg of konfrontasie betrek word.[2)]

Die hele saak van ouer-onderwysersamesprekings soos in hierdie hoofstuk weergegee word, is hoe dit in sekere skole in die V.S.A. gedoen word. Dit word nie voorgehou asof daar nie ook samesprekings in Transvaal tussen onderwysers en ouers plaasvind nie. Seker in elke Transvaalse laerskool is daar ouers wat die hoof of 'n onderwyser uit eie begeerte kom spreek i.v.m. 'n kind, wat spruit uit kommer oor leer- of gedragsprobleme, of uit ontevredenheid met 'n kind se skoolvordering, die "onbekwame" onderwyser, die "onregverdige" behandeling van 'n kind, ens. Skole tree voortdurend in verbinding met ouers i.v.m. hulle kinders, óók oor leer- en gedrags= probleme en ander sake wat die kind raak. Elke onderwyser sal waarskynlik kan getuig van terloopse samesprekings by skoolfunksies en openbare en sosiale byeenkomste en die talle oueraande en boekuitstallings wat by skole gereël word.

Die vraag kom egter na vore of hierdie samesprekings waarde het wat blywende voordeel vir elke kind het. Word daar

---

2) Bailard & Strang, Parent-teacher conferences, p. 1.
Vgl. ook: Du Plessis, P.G.W. Kommunikasie en eens= gesindheid. Aambeeld, 1(1): 2 - 3, Maart 1973;
Koning, T.L. Verantwoordelike kommunikasie en verant= woordelike kritiek. Aambeeld, 1(1): 4 - 5, Maart 1973;
Scholtz, I.P. Ouerverantwoordelikheid en die skool. Onderwysblad, 843(LXXX): 38 - 39, April 1973.

aantekeninge van indrukke met hierdie "sosiale" same= sprekings gemaak? Is daar werklike sprake van same= sprekings op professionele vlak deur onderwysers as kinderdeskundiges en -opvoeders?

Word daar in die ware sin van die woord ŉ deskundige studie van elke kind gemaak as voogonderwyser deur voortdurende waarneming en eersterangse kennis van die gesinsagtergrond? Beskik elke voogonderwyser oor die grondige teoretiese kennis en praktiese ervaring om aan al die doelstellings van voog= onderwys uitvoering te gee? Kan elke onderwyser sinvol samesprekings met ouers voer uit ŉ agtergrond wat getuig van diepgaande kennis van die Christelik-nasionale Opvoedkunde en opvoeding?

## II. WAT IS OUER-ONDERWYSERSAMESPREKINGS?

Die twyfel aan hierdie soort onderhoude ontstaan omdat i.p.v. dit te sien as die natuurlike saampraat van onderwysers en ouers, daaraan gedink word as iets formeels, iets strengs en afskrikwekkends en daarom baie moeilik. Dit hoef nie so te wees nie. Dit is immers iets natuurliks vir die onderwyser wat by die skool met die kind lewe en vir die ouer wat by die huis met hom lewe, om bymekaar te kom en bietjie verge= lykings te tref.[3]

---

3) Langdon & Stout, Teacher-parent interviews, p.1.

## III. WAAROM IS OUER-ONDERWYSERSAMESPREKINGS NODIG?

Hierdie samesprekings in die Christelik-nasionale skool is nodig omdat die onderwyser as voog en plaasvervangende ouer van die kind gedurende skoolure optree. Hy moet die héle kind opvoed, en dit is onwaarskynlik dat hy sukses kan hê sonder die medewerking van die natuurlike ouer en voog. Omdat die skool elke kind individueel wil opvoed en volgens elkeen se potensialiteite wil laat ontwikkel, is agtergrond=kennis van elke kind nodig, wat verkry kan word deur samesprekings en saamgesels met ouers.

Daar is baie redes vir hierdie samesprekings, maar sáám kom dit daarop neer dat die kind bevoordeel word. Hierdie konferensies is ook baie belangrik vir die totale oueropvoeding, juis terwille van die kind. Grondliggend aan alle same=sprekings is begrip, respek en waardering 'n vereiste.[4)]

### A. SAMESPREKINGS SOVER DIT DIE KIND AANGAAN

Hoe beter ouers en onderwyser mekaar verstaan, hoe minder sal die kind hierdie kant toe en daardie kant toe getrek word deur mense wat nie weet wat die verskil is tussen die twee lewens wat hulle hom vra om te lewe nie.

Dit is van die grootste belang vir die onderwyser om te weet dat die kind alles van sy huislike lewe, die huislike gesindhede en verhoudinge en die huislike verwagtinge van hom elke dag saam met hom skool toe bring. Dit is deel van

---

4) Bailard & Strang, op. cit., p. vii en 31.

/188.

sy lewe. Dán sal die onderwyser die kind beter verstaan. Dit skep by groot en klein kinders gewoonlik groot tevreden=heid om te weet hulle onderwyser en ouers ken mekaar. Die kinders put groot genot daaruit om die onderwyser te hoor praat van ouers as mense wat geken word en wie se persoonlik=hede en gesindhede by die onderwyser bekend is. Dit plaas dinge op ŉ gesonder en gemakliker basis as wanneer "die onderwyser" ŉ vae soort wese is - ongesien en onbekend by die ouers, terwyl "die ouers" slegs ŉ naam is vir die onderwyser. Sover dit die kind se skoolwerk betref, is dit net tot sy voordeel as onderwyser en ouer bymekaar kom.

## B. SAMESPREKINGS UIT DIE OUER SE OOGPUNT GESIEN

Die onderwyser is in die beste posisie om die ouers van hulle kind se vordering, van sy kundighede, belangstellings, probleme, verwarrings en sy genietinge soos dit uit sy skoolwerk en omgang met andere blyk en sy verhouding met die onderwyser, te vertel. Die onderwyser kan maklik baie aangename besonderhede van die kind aan die ouer meedeel - iets waaraan die kind nooit eers gedink het om te vertel nie. Hy kan praat van leer, groei, ontwikkeling - dinge wat die kind nie kan sien nie. Dis vandag belangrik "when school living and learning is coming to be seen as extending far beyond book learning..."[5]

Die onderhoud kan ouers inligting gee van fasiliteite wat die kinders sommer as vanselfsprekend beskou en net terloops

---

5) Langdon & Stout, op. cit., p. 7.

noem, sodat ouers min weet wat daar werklik is, soos waarnemings op die skoolterrein, opvoedkundige apparaat, biblioteekfasiliteite, ens. Dit is ook goed as ouers weet dat die opvoeding en onderwys doeltreffend plaasvind, miskien doeltreffender as jare gelede, maar dan moet die onderwyser duidelike spesifieke voorbeelde hoe dit gedoen word, gee. Ouers het 'n agterstand waar groot veranderinge in tegnieke en organisasie in skole ingetree het. Die vooruitgang wat gedurende die afgelope paar dekades ingetree het t.o.v. minder verstarde dissipline en meer kindsentriese studies, het skynbaar nie tot die begrip van baie ouers deurgedring nie. Daar is 'n tydsagterstand: skole het vinniger as ouers beweeg en gevolglik is ouers krities teenoor skole omdat genoeg kennis bv. nie in kinders se koppe ingedril word nie en omdat dissipline miskien té toegeeflik is.

Ouers se argwaan word dan dikwels op die kinders oorgedra. Kinders se lojaliteit teenoor hulle skool verminder en die skool se verrigtinge word gevolglik gekortwiek. Hoe vinniger veranderinge in die skool plaasvind, hoe groter is die moontlikheid dat ouers se ondersteuning van die skool verloor sal word. Die enigste manier om dit te voorkom is om ouers saam met die kinders op te voed.[6)]

---

6) Young, Michael. Parent-Teacher cooperation, p. 139-140.
Vgl. ook: Casavis, J.N. Principal's guidelines, p.194.

Die onderhoud gee ook aan die ouer geleentheid om van sy kind teenoor iemand te praat wat vir die kind omgee, hoewel op ŉ ander manier as die ouer, ŉ meer afgetrokke manier, dog steeds warm en eg. Die onderwyser, vanweë sy opleiding as onderwyser en ervaring van kinders, weet van dinge wat vir ouers van hulp kan wees, die wyse hoe kinders groot word en ontwikkel, wat normaalweg van hulle verwag kan word, ens.[7)]

C. <u>SAMESPREKINGS VAN DIE ONDERWYSER SE KANT GESIEN</u>

ŉ Mens wonder of ŉ onderwyser werklik ŉ kind kan verstaan sonder om sy ouers te ken en met hulle te gesels. Hoe kan ŉ onderwyser die kind se agtergrond leer ken anders as deur met ouers te gesels? Hoe kan hy weet wat 20 - 30 kinders dink as hy hulle agtergrond nie ken nie? Net die ouers kan vertel van die kind sedert sy babadae, hoe hy opgegroei het, wat hulle van hom verwag, vir hom hoop, wat hulle hom van reg en verkeerd geleer het, sy verhouding met sy huismense en om= gewing, sy vriende, sy vrese, ens. Die onderwyser as opvoeder moet altyd onthou dat ouers se ego onlosmaaklik met hulle kinders verbind is. Onderwysers is geneig om ouers altyd te verwyt dat hulle òf die kind bederf, òf te streng is, òf te inkonsekwent is, òf wat die kind ook al tot probleem in die klaskamer maak. Hoewel die onderwyser die ouer na regte mag blameer, moet hy onthou dat die ouer sy kinders opvoed soos hyself opgevoed is, of dat daar huislike omstandighede is waarvoor niemand raad het nie. Die onderwyser moet nogtans begrypend en simpatiek teenoor die ouer wees.[8)]

---

7) Langdon,& Stout, op. cit., p. 8.
8) Ibid., p. 9 - 11. Vgl. ook: Bailard & Strang, op.cit.p.7.

## D. SAMESPREKINGS SOOS DEUR BEIDE OUER EN ONDERWYSER GESIEN

Ouer en onderwyser het dieselfde belangstelling - die kind en sy welsyn. Dit is dus vanselfsprekend dat om saam te gesels aan die baie doeleindes wat ouers en onderwysers gemeenskaplik het behoort te voldoen. Die netto resultaat is nuttige inligting vir beide onderwyser en ouer: inligting van die huislike verrigtinge vir die een, van skoolverrigtinge vir die ander; inligting oor hoe die onderwyser oor sekere sake voel en inligting oor hoe die ouer oor sekere sake voel.

Samesprekings bring mee dat onderwysers en ouers aan mekaar as mense dink. Dit is natuurlik dat n onderwyser aan ouers as n "versameling" en vaagweg as "die ouers" dink, totdat hy hulle uitsorteer het volgens die kinders wat aan hulle behoort. Ook vir ouers is dit dikwels moeilik om die onderwyser as n persoon te sien. Die herinnering aan n onderwyser uit hulle kinderdae wat kwaai was, mag in die weg staan. Onderwysers is dikwels bietjie afsydig, altyd "die onderwyser", in plaas van dat ouers hulle belangstellings sien, hulle voorkeure en afkere, hulle verwagtinge en ambisies, hulle genietinge en hulle warmte van gevoel. Nietemin, om saam te gesels skep die geleentheid om mekaar as mense te sien.[9)]

---

9) Ibid., p. 12 - 13. Vgl. ook: Bailard & Strang, op. cit., p. 2.

/192.

# IV. DIE OUER SE VERHOUDING TEENOOR DIE SKOOL EN DIE OUER SE EISE

## A. INLEIDING

Bernard Shaw het eens gesê: "An unhappy household is a bad nursery". Die meeste leerprobleme, probleme met orde, gedrag en dissipline, permissiwiteit, fatalisme, negatiwiteit, sosiale probleme, ongemotiveerdheid, ens. het hulle oorsprong by die huisgesin. Op die huisgesin rus die toekoms van 'n volk. Die skool kan nie maar net skouerophalend die kind in die ouers se skoot werp nie. Wanneer die skool die kind se gedrags- of leerprobleem vasgestel het, is dit sy grootste taak en verantwoordelikheid om die bron van die kwaad uit te wis, m.a.w. die huisgesin moet voorligting en remediëring ontvang. Die skool kan die kind slegs help as hy die kind se huislike omstandighede deur persoonlike ondersoek bepaal het. Dáárvoor is voogonderwys met al sy konsekwensies gebiedend noodsaaklik.

Behalwe die versorging in die huis het die kind in die eerste plek geborgenheid en sekerheid in die skoot van die gesin nodig. In die ideale gesin weet die kind dat sy gesin hom lief het en dat hierdie liefde nie verdien moet word nie. Ten spyte van wat hy verkeerd doen, swak of goeie prestasies, is hy van sy ouers se liefde verseker.[10)]

---

10) Rienstra, Y. Kind, school en gezin, p. 18. Vgl. ook: Vorsatz, J.M.D. Aspekte van 'n modern-pedagogiese diagnostisering en behandeling van kinders met gedrags- en leermoeilikhede, p. 64.

In die afgelope dekades het daar ontsaglike omwentelinge in gesinsverhoudinge plaasgevind soos o.a. die werkende moeder, losheid t.o.v. godsdiens en morele beskouings en die probleem van vryetydsbesteding. Baie funksies van die ouers is hulle ontneem. Baie van die goeie wat by die skool t.o.v. die opvoeding van kinders gedoen word, word dikwels by die huis eenvoudig afgebreek, maar tog kan die eintlike opvoeding nooit van die ouer ontneem word nie. Hy geniet die hulp van die staat, kerk en gemeenskap, wat ook belang by die opvoeding van die kinders het, maar hy behou die finale verantwoordelikheid vir die opvoeding. Getrou aan die doopbelofte is hy geroepe om sy kinders vir elke werk van God volkome toe te rus. Die ouer bly dus die grootste opvoeder. Daarom is dit werklik nodig dat huis en skool kragte saamsnoer en samesprekings voer tot heil van die kind en sy toekoms.[11)]

"Eers as die ouer sy regte plek het, sal die gemeenskap weer reg teenoor die skool ingestel wees. Dan kan hulle die bydrae lewer wat van hulle verwag word maar ook deur die skool in die gemeenskaplike taakvervulling onderskraag word."[12)]

## B. DIE OUER SE VERANTWOORDELIKHEID

Die ouer moet die stukrag vanuit die huis aan die kind gee om die onderwyser in sy werk te steun. By die kind moet liefde gekweek word vir die onderrig wat hy ontvang en vir

---

11) Rienstra, op. cit., p. 20. Vgl. ook: Van Loggerenberg en Jooste, Verantwoordelike opvoeding, p. 113; Terblanche, T.J. Die implikasies van 'n wetenskapsbe= skouing..., p. 132. Kruger en Krause, Kind en skool, p. 26.

12) Schutte, B.C. Die saak teen die skool. Fokus, 1(3): 153, November 1973.

die genot wat kennis kan verskaf. Die ouer kan hierin slaag deur die regte gesindheid tussen onderwyser en leerling en tussen huis en skool te verstewig deur sy eie bydrae en sy volwasse optrede. Daar moet 'n simpatieke belangstelling en voortdurende aanmoediging wees. Daar moet nie net geraas en veroordeel word nie, maar goeie werk moet ook waardeer en aangeprys word. Daar móét egter steeds 'n ferme hand wees, getemper deur liefde, want gedissiplineerde optrede moet by die kind gekweek word.[13] Dit is nodig dat ouers d.m.v. samesprekings hiervan bewus word.

## C. DIE EISE WAT DIE GESIN AAN DIE SKOOL STEL

Hoewel dit die ouer se taak en verantwoordelikheid is om die kind op te voed, kan die ouer nie alles doen nie. Sekere verantwoordelikhede word aan die skool opgedra en die ouer kan die volgende eise aan die skool stel:

1. omdat die skool tweede in die lewe van die kind kom, kan die ouer eis dat die skool voortbou op die fondamente wat die huis gelê het;
2. die ouerlike lewens- en wêreldbeskouing moet by die kind bevorder word;
3. die onderwysmetodes mag nie met die ouer se lewens- en wêreldbeskouing bots nie;
4. die inhoud van die leerstof mag nie met die ouer se lewens- en wêreldbeskouing bots nie;

---

13) Voordewind, W.J. Die studie van Aardrykskunde. Reeks B. <u>Voorligtingstukke oor opvoeding en onderwys</u> nr. 2. <u>Covsa</u>, p. 7, 1973.

/195.

5. die kind moet volgens sy vermoëns en aanleg opgevoed word;

6. die ouers kan medeseggenskap in die aanstelling van onderwysers wat aan húlle vereistes voldoen, eis;

7. dat die peil van die onderwys bevredigend is;

8. dat die onderwys Christelik, nasionaal en vormend vir burgerskap is en

9. dat reg en geregtigheid in die opvoeding en onderwys van hulle kinders geskied.[14)]

Die eise wat ouers kan stel is geregverdig. Die vraag kom egter na vore in watter mate die fondamente in baie huise stewig gelê is. Kan daar in alle gevalle op hierdie fonda= mente voortgebou word? Wat is die ouerlike lewens- en wêreldbeskouing? As hierdie beskouing met die Christelike en nasionale skool se beskouings bots, wat moet die skool dan doen? Het al die ouers kennis van die inhoud van sillabusse en onderwysmetodes en kan hulle 'n gesonde oordeel daaroor vel? Toon hulle enigsins belangstelling daarin? Ouers het seggenskap by die aanstelling van onderwysers, maar dit is algemene kennis dat weinig ouers hulle die moeite getroos om die verkiesing van skoolkomiteelede by te woon. Juis met ouer-onderwysersamesprekings is dit die geleentheid om aan ouers voorligting te verskaf oor die voorgaande sake. Omdat ouers die belangrikste opvoeders is, behoort hulle te eis dat alle onderwysers 'n streng Christelik-nasionale opleiding moet geniet en dat hulle kinders in

---

14) Van Loggerenberg & Jooste, op. cit., p. 92 - 93.

dieselfde gesindheid in skole onderrig moet word. Die vraag kan ook gestel word in watter mate die skool werklik in gees en strewe Christelik-nasionaal is, werklik elke kind na sy vermoëns en aanleg opvoed en steeds reg en geregtigheid met elke kind laat geskied.

## V. KOMMUNIKASIE TUSSEN OUERS EN ONDERWYSERS

### A. OUERS SE BEGRIP VAN ONDERWYSERS

Die groot meerderheid onderwysers is in die opvoeding en onderwys omdat hulle van kinders hou en tevredenheid verkry om hulle te sien ontwikkel. Deur ouers te ken en dikwels met hulle van aangesig tot aangesig te gesels oor klaskamer=praktyke en onderwysmetodes, slaag onderwysers daarin om by ouers ŉ gemeenskaplike gevoel van vertroue te wek wat werklik uiteindelik waarde vir die welsyn van die kind het. Ouers waardeer onderwysers se egte besorgdheid oor hulle kinders.[15)]

### B. BENADERING VAN OUERS MET SAMESPREKINGS

Vir doeltreffende samesprekings is die benadering baie belangrik. Die onderwyser moet die onderhoud fokus op wat die ouer graag wil weet - dit moet ouersentries wees.
Om effektief te wees moet die ouer die geleentheid kry om wat die belangrikste in sy gedagte is oor sy kind, te bespreek. Wanneer die onderwyser inligting verskaf, moet hy die ouer se gesigspunt in gedagte hou. Onderwysers voer soms ŉ

---

15) Bailard & Strang, op. cit., p. 7 - 8.

konferensie asof die ouer geen regte van sy eie het nie, maar slegs ŉ versperring is waarby hy verby moet kom - vir die kind se beswil natuurlik. Onderwysers moet wéét dat ouers gevoelens en gesindhede het wat die produk van ŉ bepaalde agtergrond is.[16)] Daar is ook ŉ groot verskil tussen ouers se ontvanklikheid van inligting en van nuwe gesigspunte. Sommige weerstaan alle veranderinge, terwyl ander weer amper enigiets met die grootste inskiklikheid aanvaar.[17)] Daar is ook sommige status-georiënteerde ouers wat veral op die jong onderwyser neersien as onvolwasse en benede sy sosiale status. Hierdie ouer sien die skoolverwantskap op dieselfde wyse as die klant-verkoopsdame-bestuurder-situasie. As die klant nie bevrediging van die verkoopsdame kry nie, gaan hy direk na die bestuurder. So gaan hy direk na die direkteur of die administrateur om oor die hoof te kla.[18)]

## C. FEITE OM TE KOMMUNIKEER

Samesprekings misluk dikwels omdat die onderwyser nie genoeg van die kind weet nie. Ouers wil akkurate inligting hê. Die onderwyser kan ook met ander onderwysers gesels oor hulle waarnemings en insigte van die kind. Daar sal dingetjies wees wat hy graag aan die ouers sal wil vertel, wat hy van hulle sal wil vra en daar sal dinge terloops na vore kom.

---

16) Vgl. p. 153-154 hierbo.
17) Bailard & Strang, op. cit., p. 8 - 13.
18) Casavis, op. cit., p. 208.

/198.

1. <u>Dinge wat 'n onderwyser graag sal wil vertel</u>

a. Hy sal vertel van die daaglikse skoolprogram en waarom dit so beplan is. Ouers weet nie werklik wat elke dag by die skool aangaan nie en hoor maar net stukkies by kinders. Onderwysers vertel nie en ouers vra nie juis wat aangaan nie.

b. Reëls en regulasies: Elke skool het sy algemene reëls en elke klasonderwyser het sy spesifieke klasreëls. Moontlik vertel party kinders aan hul ouers wat die reëls is. Dis nietemin goed as onderwysers ouers hiervan vertel.

c. Hy kan vertel van wat alles gedoen word om lees meer genotvol en betekenisvol te maak en vir die ouer om baie oefening te verskaf. As die kind in die laer klasse is, kan die onderwyser melding maak van die groot hoeveelheid informele lees wat gedoen word.

d. Die onderwyseres in die grade kan vertel van die vordering wat gemaak word met die gebruik van skêre, plakwerk, inkleur, ens.

e. Daar kan altyd 'n saak van gemaak word om te vertel hoe die kind met Lees, Skrif, Spelling, Wiskunde en ander vakke vorder. Dit versterk baie ouers se vertroue dat daar wél geleer word, hoewel dit verskil van hoe hulle geleer is.

f. Wys kinders se werkboeke en verduidelik hulle gebruike. Dui aan waar die kind hulp nodig het.

g. Die onderwyser kan vertel van die soorte besprekings wat hy en die kinders saam het. Hierdie soort besprekings is belangrik genoeg dat die ouers daarvan moet weet.

h. Die meeste ouers is gretig dat hulle kinders "goed" moet wees en die onderwyser se goedkeuring moet wegdra. Daarom moet die onderwyser ouers vertel van die hulpvaardige dinge wat die kind doen.

i. Dit is ook goed dat hy die ouers inlig oor sake waar= aan hy spesiale aandag skenk, bv. die opvoeding van die hele kind, karakterbou, godsdienstige en kulturele vorming, ens.

j. Hy sal ook van die kind se deelname in die groeps= lewe vertel. Hierdie bespreking veronderstel dat onderwyser en kinders werklik werk en speel, beplan en saamlewe as 'n groep. In baie klaskamers is daar min van groeplewe.

2. <u>Dinge wat 'n onderwyser graag wil vra</u>

a. Van watter skoolaktiwiteite praat die kind die meeste by die huis? Dis goed om hiervan te verneem, om te bepaal wat vir die kind voor- of nadelig is.

b. Waarmee speel die kind by die huis?

c. Watter troeteldiere het die kind of het hy gehad? Uit die antwoorde sal blyk wat die ouers se gevoel hieroor is, of hulle van troeteldiere hou of nie. Dit gee 'n idee van die gesinslewe.

/200.

d. Watter verantwoordelikhede het die kind tuis? Die ouers se antwoord sal lig werp op die kind se gevoelens oor verantwoordelikheid by die skool.

e. Met watter kinders speel die kind buite die skool? Inligting hieroor sal die onderwyser help om die kind se verhoudinge met ander kinders by die skool te verstaan.

f. Teenoor watter dissipline reageer die kind die beste? Ook die antwoord hierop sal as hulp dien om die kind beter te verstaan en hoe om beter leiding in die klaskamer te gee.

g. Wat geniet die kind om saam met sy ouers te doen? Dit het groot betekenis vir die begrypende onderwyser om te weet hoe belangrik die gevoel van familiesaamwees in ŉ kind se lewe is.

h. Watter soort dinge geniet die kind om tuis te doen? Van die antwoorde of dit speel-, werk- of daaglikse roetine-aktiwiteite is, sal dien tot beter begrip van die ouers en kind.

i. Watter soort baba was die kind? Die onderwyser sal ŉ begrip van die kind se ontwikkeling kry, van die gesin se lewenspatroon, die verantwoordelikheid wat elke ouer in die versorging van die baba geneem het, ens. Hierdie dinge is alles deel van die kind wanneer hy in die klaskamer kom.

/201.

j. Wat sien ouers as die kind se sterktepunt? Wat is die dinge waaroor hulle bly voel, die dinge waarvan hulle die meeste in hom hou? Dit is baie maklik vir onderwyser en ouer om in die gewoonte te verval om sóveel tyd en gedagtes te skenk aan die kind se foute dat sy goeie hoedanighede selde genoem word. 'n Mens moet die foute probeer regmaak en dit kan gedoen word selfs wanneer die oë op die sterkpunte gevestig is. Deur hierdie dinge te noem beteken nie dat elke vraag aan elke ouer gestel word nie. 'n Mens het miskien nie eens die geleentheid om met die ouers van elke kind te gesels nie. Selfs wanneer 'n mens wél kan, sal 'n vraag wat by een onderhoud pas, nie by die ander een pas nie. Slegs die onderwyser wat die onderhoud voer, sal weet wat om te vra en wanneer om dit te vra. Ouers moet ook nooit enige rede hê om te twyfel dat wat hulle sê, konfidensieel is, nie oor geskinder word nie en nooit eers as 'n goeie storie oorvertel word nie.

3. <u>Dinge wat terloops na vore kom</u>

a. Ouers se ambisies vir hulle kind.

b. Die kind se eet- en slaapgewoontes.

c. Wat verwag ouers van hulle kinders? Die onderwyser sal hoor watter soort gehoorsaamheid word verwag, hoe die kind na sy klere moet kyk, na sy kamer, die pligte wat hy moet doen, ens.

/202.

d. Wat beskou ouers as wenslike en onwenslike gedrag? Die onderwyser kan verseker wees dat elke kind sy ouers se idee van wat reg en verkeerd is, na die skool bring. Dit is goed as die onderwyser hierdie idees ontdek.

e. Die godsdiens in die huis. Wat ouers ook van godsdiens in die huis vertel, help die onderwyser om die kind te verstaan. Wat ouers vertel, moet versigtig deur die onderwyser bejeën word, sonder kritiek of kommentaar.

f. Gesinsituasies. Jannie vergeet elke keer van die geld vir ŉ uitstappie, of hy het dit verloor, of sy ouers wou dit nie vir hom gee nie. Met die onderhoud kan die onderwyser soms terloops hiervan melding maak en dit kan deur die ouer dalk bevestig word dat hulle dit finansieel moeilik het.

g. Die algemene gesinsatmosfeer. As die verhouding warm, innig en liefdevol is, sal dit wys in die manier waarop ouers met mekaar en oor die kind praat. As dit antagonisties en vol botsings is, sal dit ook duidelik wys.[19]

## D. NONVERBALE KONVERSASIE

ŉ Onderwyser mag ŉ minderwaardigheidsgevoel deur sy stemtoon, afgematte houding, neergeslane oë, huiwerende spraak en baie ander sigbare tekens verraai. Hy mag

---

19) Langdon & Stout, op. cit., p. 109 - 139.

/203.

vyandigheid aandui deur ŉ kortaf houding , ŉ grimmige uitdrukking op sy gesig en bewegings wat ongeduld verraai. ŉ Mens toon egter agting aan ŉ ander deur aandagtig te luister wat hy sê, deur glimlaggend aan te moedig of goed te keur en deur sy fisiese gemak in ag te neem. Hierdie nonverbale kommunikasie is die doeltreffendste manier vir die onderwyser om aan ŉ ouer te toon dat hy omgee.[20]

## E. MONDELINGE KOMMUNIKASIE

### 1. Praat ouers se taal

Dit gebeur dikwels dat ouers en onderwysers nie dieselfde taal praat nie. Hulle word geskei deur seë van misverstande. Wat die onderwyser sê, wek gevolglik nie die verlangde reaksie van die ouer nie. Misverstande mag ook voorkom wanneer die onderwyser te vinnig praat, lang ingewikkelde sinne gebruik, of nie konkrete voorbeelde gebruik nie. Soms is hy te onpersoonlik en die samesprekings ontaard in ŉ lesing oor opvoedkunde. Dit moet ŉ tweerigting kommunikasie wees. Wat vir die onderwyser geld t.o.v. die mededeling van feite, geld ook vir die ouer. Goeie kommunikasie is tewens duidelike kommunikasie. As jy die ander persoon kans gee om sy probleem op sy eie wyse te stel, is daar geleentheid vir genoeg begrip, vir goeie kommunikasie. Eenvoudige, logiese sinne is maklik om te volg, maar

---

20) Bailard & Strang, op. cit., p. 13.

woordrykheid is afmattend.

2. Wees eenvoudig en konkreet

Onderwysers se groot fout met samesprekings is om te algemeen te wees. Konferensies wat net uit veralgemenings bestaan, gee aan die ouer niks konkreets om vas te gryp nie. Om betekenisvol te wees moet veralgemenings op konkrete feite gebou wees. Om vir 'n ouer te sê sy kind doen swak, is niksseggend. Die ouer wil weet wat die kind se spesifieke moeilikhede is, wat die oorsaak daarvan is en wat die ouer kan doen om sy kind te help. Konferensies wat direk, spesifiek eenvoudig en konkreet is sal die ouer eerder tot aksie beweeg.

3. Praat doeltreffend

Die wyse waarmee woorde gespreek word sal krag daaraan verleen of die waarde daarvan verminder. As die onderwyser mompel of te vinnig praat, is sy beste idees verlore. Sy stemtoon mag 'n begeerte om te domineer suggereer, waarvoor hy kwalik geneem kan word, of onsekerheid wat weer twyfel in die luisteraar se gedagte mag wek, of positiewe oortuiging wat vertroue inboesem.[21)]

Hierdie konferensies is bruikbaar om goeie verhoudinge tussen ouers en onderwysers te weeg te bring. Die Christelik-nasionale onderwyser sal altyd gesindhede wat vir die Christelik-nasionale lewens- en wêreldbeskouing

21) Bailard & Strang, ibid., p. 15 - 17.

/205.

bevorderlik is, oordra. Die ware toets of samesprekings suksesvol was, word gevind in die ouer se gedragswyse teenoor die kind en die uitwerking daarvan op die kind ná die samesprekings.

## F. SOMMIGE "MOETS" EN "MOENIES" MET SAMESPREKINGS

Elke ouer is uniek in sy persoonlikheid en in sy probleme. Daar is dan ook baie slaggate met onderhoude waaraan die onderwyser ag moet gee en wat vermy moet word.[22)]

- Wees vredeliewend en eerlik. Ouers waardeer ŉ onderwyser wat hulle in hulle vertroue kan neem oor die aangename sowel as die onaangename dinge; ŉ onderwyser wie se woord vertroubaar is en wat nooit probeer om hulle te mislei nie.
- Respekteer ouers se vertroue. Wanneer ouers van hulle eie privaat sake of hulle innerlike gedagtes praat, toon hulle die vertroue wat hulle in die onderwyser het. Hy moet dit nooit herhaal nie. Dit is ook uiters onprofessioneel en kan baie skadelik vir die ouer of die kind wees.
- Moenie geskok wees oor enigiets wat gesê word nie.
- Moenie te gou tot gevolgtrekkings geraak nie. Wag liewer en luister as om te seker van ŉ saak te wees.
- Wat ouers sê, moet ernstig bejeën word. Dit is ŉ betoning van agting.

---

22) Die wenke is nie in volgorde van belangrikheid nie.

/206.

* Moenie gebiedend wees nie.
* Vermy argumente.
* Vermy pedagogiese taal. Dit lyk altyd of ŉ mens wil "afwys".
* Wees simpatiek-begrypend maar nie sentimenteel nie.
* Wees bereid om eerlike bewondering te hê vir wat ouers doen.
* Toon opregte belangstelling in wat ouers graag wil sê.
* Wees gereed en bereid om te verduidelik wat by die skool gedoen word en waarom dit gedoen word.
* Laat die ouers sien dat die onderwyser gewillig is om aanpassings te maak.
* Wees versigtig om nie te beskuldig en te veroordeel nie.
* Moenie wat ouers doen, verkleineer nie.
* Moenie meerderwaardig wees oor die kind se beter aanpassing by die skool as by die huis nie.
* Moenie die ouers dom laat voel nie.
* Wanneer suggesties gemaak word, bied meer as een moontlikheid aan.
* Gee suggesties sodat ouers onder geen verpligting staan om dit te aanvaar of te ignoreer nie.
* Respekteer ouers se terughoudendheid.
* Moenie persoonlike vrae vra nie. Slegs inligting wat betrekking op die welsyn van die kind het, is belangrik. Vrae wat bloot uit nuuskierigheid gevra word, is onvergeeflik.
* Moenie ouers berispe nie.

/207.

* Moenie te lank by iets stilstaan nie.
* Luister - dit is belangrik.
* Aanvaarding van die ouers, kinders en die self soos hulle is, is baie belangrik.
* Moenie die ouer kritiseer nie. Kritiek plaas die ouer in opposisie met die onderwyser, want hulle voel kwaad, of onbekwaam, of albei. Die onderwyser wys sy kritiek soms deur ongevraagde advies te gee.
* Moenie die ouer oor enige saak op die verdediging plaas nie.
* Moenie van ander kinders praat of hierdie kind met ander kinders vergelyk nie. Dit is uiters onprofessioneel.
* Moenie van ander onderwysers met ouers praat nie, tensy die opmerkings van ŉ vleiende aard is.
* Moenie die skool of die departement verkleineer of enige ongunstige aanmerkings oor die omgewing maak nie.
* Moenie die ouer probeer doodpraat nie.
* Moenie die ouer in die rede probeer val om jou eie punt te probeer stel nie.
* Moenie te ver gaan met ŉ ouer wat nog nie gereed en daartoe in staat is om jou doelstellinge te begryp nie.
* Dit is goed om die samesprekings te laat eindig op ŉ konstruktiewe, vriendelike en voorwaartse noot, soos bv. ŉ plan en besliste datum vir ŉ verdere konferensie, ŉ verklaring van aanmoediging of gerusstelling of van koöperatiewe aksie.[23)]

---

23) Langdon & Stout, op. cit., p. 312 - 317. Vgl. ook: Bailard & Strang, op. cit., p. 99 - 100; D'evelyn, Katherine E. Individual parent-teacher conferences, p. 11 - 12 en 95 - 97.

## VI. GEVOELENS WAT ONDERLIGGEND IS AAN ALLE OUER - ONDERWYSERSAMESPREKINGS

### A. DIE KIND SE GEVOELENS

Die kind voel oor baie dinge diep. Daar is gevoelens oor homself, sy huis, sy ouers, die omgewing waarin hy woon en sy maats daar, sy huidige onderwysers en die van die verlede, die skool in die algemeen, sy klasmaats en al sy vriende. Met ŉ onderhoud bring ouers hulle kennis van die kind se gevoelens oor hierdie sake met hulle mee. Ook die onder=wyser bring sý kennis van die kind se gevoelens soos dit in die skool geopenbaar word na die onderhoud mee.

#### 1. Hoe die kind oor homself voel

Die kind se gevoelens oor homself, sy agting vir homself as individu, sy gevoel vir sy plek in die groep, sy gevoelens oor sy belangrikheid in die gang van sake, groei alles uit die dinge wat aan hom gesê is en die wyse waarop dit aan hom gesê is van sy baba-dae af. Dit groei uit die wyse hoe sy toenaderings aanvaar of verwerp of met onverskillig=heid bejeën word; uit die wyse waarop sy pogings, sy prestasies en sy ondernemings beskou en kommentaar daarop gelewer word en uit die algemene agting waarin hy gehou word. Soms kan die onderwyser die ouer nuwe insigte gee. Dikwels kan die ouer se verduideliking die onderwyser help om ŉ dieper begrip te hê.

#### 2. Hoe die kind oor sy ouers voel

Basies is die kind se ouers vir hom die wonderlikste mense op aarde, ten minste in die begin. Dit is natuurlik dat

hy die dinge wat hulle doen en die wyse waarop hullé dit doen, sonder meer aanvaar. Hy aanvaar wat hulle sê as reg - vir hom is dit die laaste woord. Wat ŉ kind se gevoelens vir sy ouers ook mag wees - kombinasies van liefde of afwysing, aanvaarding of verstoting, trots of skaamte, lojaliteit of dislojaliteit - dit het alles vir die onderwyser betekenis omdat hy die kind sal verstaan. Dit is onderliggende faktore in enige onderhoud.

3. Hoe die kind oor sy huis voel

Die kind aanvaar sy huis ook sonder meer. Dit is vir hom sy veilige hawe en daarop stort hy sy trots en lojaliteit uit. Huis, net soos ouers, word as vanselfsprekend aanvaar, ten minste in die begin.

Die dag kom egter dat hy begin vergelyk. Dan is die huis vir hom verwaarloos, outyds of só dat hy nie wil hê sy vriende moet dit sien nie. Wanneer die kind vir nuwe meubels, muurpapier, ens. pleit, is dit steeds om die fundamentele behoefte aan te voel dat dit die beste van alle huise is.

ŉ Onderwyser wat bewus is van die krag en betekenis van die kind se gevoelens oor sy huis, sal wakker loop vir elke verwysing wat ŉ aanduiding gee van daardie gevoelens soos die ouers dit sien. Hy sal ook op sy beurt, as dit wenslik is, hierdie inligting aan ouers oordra.

4. <u>Hoe die kind oor sy omgewing en gemeenskap waarin hy woon, voel</u>

Net soos hy sy huis aanvanklik as vanselfsprekend aanvaar, so aanvaar hy sy omgewing, tot dié dag kom dat hy verge=lykings maak en daarna kyk met kritiese oë.

Wat die omgewing ook mag wees, sal die kind daaroor gevoelens hê, net soos hy gevoelens sal hê oor die groter gemeenskap.

Wat sy gevoelens ook mag wees, dit is deel van die onderwyser se taak om dit te weet - sover as dit ontdek kan word. Dit sal te doen hê met die dinge waaroor ouers en onderwysers sal gesels.

5. <u>Hoe die kind oor ander kinders voel</u>

ŉ Kind se maats val gewoonlik in twee groepe, nl. maats van die omgewing en maats by die skool. Hy mag met party goed klaarkom en met ander nie so goed nie. Daar mag een wees wat hom altyd met vrees vervul en wat hy vrees om te ontmoet. Miskien voel hy vry en gemaklik met almal en is hy altyd verseker van verwelkoming. Maar hy mag gevoelens van eensaamheid hê, of miskien van strydlustigheid en gegriefdheid en ŉ begeerte om te maak en te breek. Daar is miskien aangetrokkenheid tot ŉ ouer kind wat beskerming bied, of tot ŉ jonger kind wat gedomineer kan word.

Die onderwyser en ouer sal dus verstandig handel om ŉ kind se gevoelens oor ander kinders te bespreek. Gevoelens oor ander kinders is ŉ magtige faktor in die kind se lewe. Dit beïnvloed al sy skoolwerk reg deur die skool, ook sy gedagtes

/211.

en die energie wat hy in sy werk plaas - in kort, dit affekteer sy hele lewenspatroon.

6. <u>Hoe ŉ kind oor sy onderwyser voel</u>

Wanneer ouers ŉ konferensie bywoon sal hulle baie goed daarvan bewus wees hoe die kind oor die onderwyser voel. Die kind kan t.o.v. die onderwyser oor baie dinge gesteurd voel. Andersyds kan die kind die onderwyser as die finale woord van outoriteit in alle sake sien. Hy mag volkome vertroue en geloof in die onderwyser se regverdigheid en geregtigheid hê.

Die onderwyser sal verbaas wees om te hoor dat hy min of meer op ŉ troontjie in die kind se opinie is, dat hy ŉ plek in die kind se hart verower het waarvan hy nooit kon droom nie. Sommige kinders aanvaar die onderwyser reg van die begin af as min of meer onfeilbaar. Vir die meeste kinders is daar ŉ tyd dat "wat my Juffrou/Meneer sê" die finale woord is, nieteenstaande wat ouers sê. Dit is gerusstellend en vleiend vir die onderwyser en miskien nie so gerusstellend vir die ouers nie, want voorheen was húlle omtrent onfeilbaar.

Alles van ŉ kind se gevoelens is by die onderhoud teenwoordig. Dit is deel van ŉ kind. Dit is die dryfkrag agter sy gedrag. Erkenning en begrip daarvan is die basiese eerste stap om die kind te verstaan. Die soektog om te weet en te verstaan is nimmereindigend. Dit is een waarin die onderwyser en ouer sal baat as hulle kragte saamsnoer.[24)]

24) Vgl. die afdeling oor waarneming van kinders p.160-170 hierbo.

## B. DIE OUER SE GEVOELENS

Of hierdie gevoelens uitgespreek word of nie, hulle is daar: al die gevoelens omtrent hulle kind, omtrent hulle huis, oor hulleself, oor die onderwyser en oor die skool.

### 1. Hoe ouers oor hulle kind voel

Die onderwyser moet waaksaam wees i.v.m. ouers se gevoelens oor hulle kind, maar gelyktydig ook versigtig wees om nie te gou gevolgtrekkings te maak of te haastig om te verdoem nie veral as iets blyk om minder as liefde en toewyding vir die kind te wees. Dit is begryplik dat ŉ ouer sal aarsel om openlik daarvan te praat dat hy nie van sy kind hou nie. I.p.v. werklike afkeur van sy kind mag die onderwyser vind dat die ouer onverskillig staan, dat die kind eintlik ŉ las is, of dat hy in die pad staan vir betowerender dinge as om na ŉ kind te kyk. Baie ouers sal daagliks goed na die kind se liggaamlike gerief omsien, maar die res van die opvoeding moet vir homself sorg.

Die meeste ouers voel egter dat hul kind hul kosbaarste besitting is. Trots en blydskap oor ŉ kind bring bereid=heid, selfs gretigheid om van hom te praat mee, om van sy belangstellings en prestasies te vertel, om ŉ relaas te gee van wat hy sê en doen, om te praat van verwagtinge en planne vir hom en om te vertel van hulle genot van hom.

Deur die ouer se gevoelens vir sy kind te verstaan het die onderwyser die sleutel tot begrip van die kind en wat hy doen.

Wat die ouer se gevoelens ookal vir die kind mag wees, dit is waarskynlik dat dit diep en intens is, die bande heg en sterk, selfs al is die gevoelens meer negatief as positief.

2. <u>Hoe ouers oor hulle huise voel</u>

Wát die huis ookal is, dis hulle s'n. Dit druk hulle gedagtes uit. Dit het uit hulle denke en gevoel ontwikkel, uit hulle goedkeure en afkere, uit hulle planne en ambisies of gebrek daaraan. Eenvoudig of luuks, swak of oordadig gemeubileer, vuil of skoon, swak onderhou of goedversorg, dit is deel van hulle. In sommige huise is godsdiens 'n integrale deel van die daaglikse lewe, waar ouers voel dat 'n godsdienstige uitkyk op die lewe die belangrikste ding is wat hulle die kind kan gee. In ander huise mag godsdiens 'n geringe rol speel. Sommige ouers mag weer geen spesiale gedagte op enige wyse aan die huis gee nie.

Party ouers sal van die omgewing waarin hulle huis is en die gemeenskap waarvan hulle deel is, hou. Ander sal wens dat hulle daar kan wegkom.

Wat ouers se gevoelens dus ook mag wees, dit is raadsaam vir die onderwyser om die oë en ore daarvoor oop te hê, want die kinders van die verskillende huise leef mét daardie gevoelens. Dit is déél van hulle.

/214.

3. Hoe ouers oor hulleself voel

Ouers sal hulle gevoelens oor hulleself na elke onderhoud saambring. Hulle mag voel dat hulle nie opgewasse is vir die opvoedingstaak nie en mag wonder of die onderwyser nie ook so dink nie.

Eienaardig genoeg skyn onderwysers meer dikwels negatiewe gevoelens te hoor, eerder as dat ouers gelukkig, tevrede en trots op die taak wat hulle doen, voel. Miskien is dit omdat ouers gewoonlik hulle kinders se belange só op die hart dra en só graag hulle bes vir hulle wil doen dat enigiets wat hulle doen, vir hulle nog te kort skiet. Miskien is dit dat, wanneer met hulle gesels word, dit byna uitsluitlik gaan oor wat met die kind verkeerd is, dus word by implikasie die aandag gefokus op hulle mis= lukking in die opvoeding van hulle kinders, eerder as op die suksesse.

Baie onderwysers kan van verrassing getuig en die genot waarmee ouers opmerkings ontvang oor die goeie werk wat hulle met hulle opvoeding doen. Die meeste ouers het die begeerte om 'n goeie ouer vir die kind te wees en probeer gewilliglik pogings aanwend om so 'n persoon te wees, vir wie die kind respek en agting en in wie hy 'n navolgenswaardige voorbeeld kan hê.

Baie sal miskien aan die lig kom van hoe ouers oor hulself as mense voel, behalwe as om ouers te wees:

hulle gevoelens oor wat hulle bereik het om ŉ lewe te maak en ŉ huis te onderhou, oor hulle ambisies en hoe dit bereik of nie bereik is nie, oor hulle genietinge, die dinge wat hulle graag doen, oor hulle eie opvoeding en die invloed wat dit op hulle gehad het, hulle gevoel oor hulle eie ouers, hulle eie voorkoms, ens.

4. <u>Hoe ouers oor die onderwyser voel</u>

Ouers sal waarskynlik na ŉ onderhoud kom met taamlik gevestigde gevoelens oor onderwysers in die algemeen en húlle kind se onderwyser in besonder. Miskien sien hulle alle onderwysers met dieselfde mate van ontsag wat hulle vir hul eie onderwysers gehad het.

Daar is miskien ŉ oorleweringsgevoel dat alle onder=wysers met versigtigheid benader moet word as potensiële vyande totdat dit anders bewys is. Sommige ouers kom na die onderhoud goed bekend met die kind se onderwyser, sommige met geen idee van wat die onderwyser is nie, sommige weet wat om te verwag van hoorsê van ander ouers en sommige met ŉ vae indruk volgens hulle kinders se los kommentare. Dikwels het die ouer die vrees dat die onderwyser krities sal wees, te veel vrae sal vra of ietwat hooghartig sal wees.

In enige groep sal die meerderheid ouers waarskynlik ware agting vir die onderwyser hê. Daar sal ŉ gewilligheid wees om vriende te wees, hoewel sommige dit moeilik sal

vind om aan die idee gewoond te raak dat ŉ onderwyser nie anders as ander mense is nie.

Soos altyd is dit veronderstel dat ouers se gevoel teenoor die onderwysers gemeng is, "neither all one thing nor all the other"; daar sal soms kritiese gedagtes wees, ook oomblikke van ergernis en van verskil. Daar is egter ŉ basiese gevoel van vriendskap, hoewel dit gewys of nie gewys word nie. Dit wys net hoe belangrik onderhoude is - waar onderwyser en ouer mekaar kan leer ken, waar begrip van mekaar verdiep kan word en waar vertroue opgebou kan word.

Daar is gevoelens oor die onderhoud self, miskien van groot waardering vir die geleentheid om met die onderwyser te praat. Miskien is daar egte tevredenheid dat die skool omgee wat aangaan ook in die kind se buiteskoolse lewe.

## C. DIE ONDERWYSER SE GEVOELENS

### 1. Hoe die onderwyser oor kinders voel

Sommige onderwysers is sterk oortuig in hulle mening dat hóé afkeurenswaardig en ergerlik of hóé koöperatief en bevredigend ŉ kind se gedrag mag wees, daar redes is daarvoor wat begryp moet word. Dit lei daartoe dat die kinders met gevoelens van aanvaarding i.p.v. veroordeling en beskuldiging bejeën word. Basies hieraan is respek vir die kind omdat hy ŉ individu is - ŉ respek vir hom as

ŉ persoon, of hy 2 jaar en of hy 20 jaar oud is. Maar nie al die onderwysers het hierdie gevoelens oor kinders nie. Dit mag deels verklaar waarom opvoeding en onderwys nie so ŉ aangename ervaring is as wat dit kan wees nie. Elke onderwyser wat sy gevoelens eerlik ontleed, weet dat, al probeer hy hoe hard om eenders teenoor elke kind in sy klas te voel, dit nie gebeur nie. Van sommige kinders hou jy onmiddellik , terwyl jy van ander slegs met groot inspanning hou.

Ouers kan gou vertel of die onderwyser se gevoelens vir hulle kind van egte belangstelling, werklike geneentheid en eerlike agting getuig. Dit wys in die klein dingetjies wat bespreek word: die kind se belangstelling om af te stof, visse of muise te voer, ens.

Hoe opreg en innig ŉ onderwyser se gevoelens vir ŉ kind ookal mag wees, dit sal waarskynlik meer objektief as die ouers s'n wees. Dit is soos dit behoort te wees, want die onderwyser het ŉ verskillende soort verhouding tot hom.

Wat sy gevoelens ook vir ŉ gegewe kind mag wees, hy bring dit na die onderhoud. Dit mag ŉ gevoel van verligting wees dat dit nie meer lank sal duur voordat ŉ ander onderwyser hom neem nie. Hy mag voel dat die kind nie van hom hou of hom vertrou nie en hy mag hoop om gedurende die onderhoud uit te vind waarom.

/218.

## 2. Hoe die onderwyser oor ouers voel

Dit sal ouers waarskynlik verras om te weet hoe dikwels ŉ onderwyser vir hulle bang is, bang dat hulle sal kritiseer of inmeng of vrae vra wat moeilik is om te beantwoord. Onderwysers vertel dikwels van hoe skaam hulle voel, hoe skugter, bewus van onervarenheid, onseker van hoe om ŉ onderhoud aan te pak, onseker van hoe ouers dit sal opneem wat gesê word, of die vrees dat hulle vrae met afjakke begroet sal word. Aan die ander kant kan ŉ onderwyser meerderwaardig voel omdat hy die jongste onderwysmetodes wat ouers dalk nie verstaan nie, ken, of omdat hy ŉ wyer kennis van kinders het.

ŉ Onderwyser bring na elke onderhoud gevoelens oor ouers in die algemeen: miskien die gevoel dat die meeste ouers ŉ konsensieuse opvoedingstaak verrig, of moontlik net die teenoorgestelde. Waarskynlik sien sommige onderwysers ouers altyd as potensiële vyande, wat altyd gereed is om fout te vind en te kritiseer.

Onderwysers sal ouers vind waarvan hulle onmiddellik hou, dáárdie wat dit langer neem om van te hou en ander wat hulle verkeerd opvryf. Soms kom die onderwyser na die onderhoud met sy menings oor ŉ ouer wat alreeds gevorm is. Moontlik is dit ŉ kritiese oordeel wat te gou op die kind se gedrag, of iets wat hy gesê of wat iemand anders gesê het, gevorm is.

/219.

### 3. Hoe die onderwyser oor huise voel

Die onderwyser mag sterk voel dat hierdie soort huis 'n goeie en daardie soort huis weer 'n slegte een is. Tog kan die huis net gemeet word aan die soort lewenswyse wat dit produseer.

Die onderwyser mag suggereer dat klein Koos beter op skool sal vaar as hy 'n plek het om sy huiswerk te doen.

As 'n onderwyser eers bewus is van wat álles 'n huis maak wat dit is, sal hy dalk voel dat 'n gesin se huislike lewe iets is, wat dáárdie gesin kan uitwerk en sal hy tevrede wees om dit aan hulle oor te laat.

### 4. Hoe die onderwyser oor homself voel

Opvoeding en onderwys is vir baie onderwysers die verwesen=liking met groot bevrediging van 'n lang gekoesterde ideaal. Tog is daar dae wanneer hulle moeg huis toe gaan, verwonderd dat hulle ooit kon dink dat onderwys 'n goeie idee was. Vir sommige is dit net iets om te doen tot iets beters opdaag - die huwelik vir party, 'n eie besigheid of beter betalende werk vir ander. Miskien was dit interessant en opwindend aan die begin maar nou word reikhalsend na die aftreedag uitgesien. Wat die onderwyser ookal voel, ouers sal dit vroeër of later aanvoel - so ook die kinders, waarskynlik nog vóór die ouers.

Sommige onderwysers sien hulleself in die rol van vriend vir beide kind en ouers; ander handhaaf altyd die rol van "onderwyser" 'n bietjie eenkant.

/220.

Die onderwyser sal goed doen om al sy gevoelens te ontleed en te bepaal wat sy funksie as onderwyser behoort te wees, watter soort onderwyser hy is, wat hy graag wil wees, watter plek hy graag in die lewens van die kinders wil inneem, hoe hy graag die ouers en hulle huise wil raak en watter soort mens hy voel dat hy werklik is. Dit sal alles deel van die onderhoud wees.[25]

5. Hoe die onderwyser voel oor die idee van onderhoude voer

Sommige onderwysers hou van die idee, andere nie. Sommige het samesprekings slegs wanneer en indien die hoof dit vereis. Moontlik is ŉ onderwyser traag of selfs onwillig om tyd af te staan vir onderhoude. Moontlik is daar die gevoel dat onderhoude nie die werk van die onderwysers is nie, dat hy in diens geneem is om kinders te leer en niks meer nie. Baie voel egter dat om ouers te ken ŉ noodsaaklike deel is van die opvoeding en onderwys. Sommige is gewillig om dit te doen as skooltyd daarvoor ingeruim word, maar nie as dit beteken om van hulle vryetyd daarvoor in te boet nie. Sommige gee ruimskoots en gewilliglik van hulle eie tyd, omdat hulle voel dit stel hulle in staat om baie beter onderwys te gee. Sommige vertel van ware genot van die besoeke van ouers en van blywende vriendskappe wat uit onderhoude ontwikkel het.

---

25) Langdon & Stout, op. cit., p. 25 - 59.

Dog vriendskappe tussen ouers en veral jong onderwysers hou die gevaar in dat ouers vriendelikheid gee en die verwagting wek van ŉ terugbetaling in die vorm van ŉ mildere beoordeling van sy kind. As die ouers nie self so dink nie, kom die gedagte tog by ander op dat die onderwyser dit wel doen.[26)]

## D. DIE HOOF SE GEVOELENS

### 1. Sy gevoelens oor die kinders

Kinders en onderwysers sien gou hoe die hoof oor kinders voel. Sy opregte gevoel van agting vir kinders blyk uit hoe hy na hulle luister, met hulle gesels en die soort geselskap wat met hom gevoer word. Dit blyk uit sy gewilligheid om met onderwysers te praat oor wat vir ŉ bepaalde kind die beste sal wees. Dit blyk uit die wyse waarop hy die kind se belangstellings, moontlikhede en behoeftes as basis neem om te besluit of dinge sús of só gedoen moet word. Dit blyk ook uit hoe hy dit wat die beste vir die kinders is, plaas bó sy persoonlike gerief, bv. iets wat ŉ goeie openbare vertoon sal skep en bó enigiets wat lyk of dit die kinders sal eksploiteer. Menige onderwyser sal getuig hoe ŉ hoof se genot oor wat kinders doen aan hulle daaglikse skoolonderrig nuwe betekenis gegee het, hoe dit tevredenheid verskaf het in al die werk wat gedoen is en hoe dit enige onderliggende vrees vir sy besoeke verwyder het.

---

26) Stellwag, H.W.F. e.a. De leraar en zijn klas, p. 30.

Die hoof se gevoelens sal in elke ouer-onderwysersame= spreking teenwoordig wees, selfs al is hy nêrens te sien nie.

2. Sy gevoelens oor die ouers

Hy mag met personeelvergaderings dit duidelik stel dat kinders lang ure by die skool deurbring. Hy kan dan daarop aandring dat onderwysers vir ouers sê hulle moet weet wat in die skool met hulle kinders aangaan, maar dat ouers aktief moet deelneem en nie net van die kantlyn moet toekyk nie. Die hoof wat verlang dat ouers moet weet wat in die skool aangaan, of wat wil hê hulle moet ŉ aktiewe rol daarin speel, sal baie dinge hê om aan onderwysers oor sy gevoelens teenoor ouers mee te deel. Nou en dan mag hy daarop wys dat ouers ook leer, net soos kinders en onderwysers en hoofde leer en dat hy dink agting en waardering en aanmoediging is méér korrek as verwyte en veroordeling. Moontlik het hy baie waardering vir die ouers en praat hy dikwels van sy agting en goeie gesindheid jeens hulle. Hy sal egter altyd waak dat ouers nie in die skool se professionele en huishoudelike sake inmeng nie.

Dit sal die hoof nou en dan verras om te weet hoe sensitief die onderwysers teenoor sy gevoelens is; om te weet hulle hanteer onderhoude met ouers korrek soos hulle met al die ander take van onderwys dinge reg doen. Ook húlle is

sensitief oor wat hy van hulle dink. Ouers is ook sensitief t.o.v. gevoelens van vriendelikheid en onvriendelikheid. Ouers weet wanneer hulle welkom of onwelkom is.

3. <u>Sy gevoelens oor die skool</u>

ŉ Wakker onderwyser sal let op die hoof se gevoelens oor die funksie van die skool in die kinders se lewe, die skool se diens aan die gemeenskap en sy rol in die wêreld vandag. Die onderwyser sal daardeur baie idees om in die onderhoud te gebruik verkry.

Die hoof is ŉ persoon wat baie lees en studeer en sal opvoedkunde se rol in wêreldsake dikwels skets. Onder= wysers wat self ook lees en studeer, sal ook hierop ag gee.

Die hoof mag dink dat enigiets wat die welsyn van die kind raak, ook die skool raak en mag die onderwysers aanmoedig om verder as die klaskamer en die werk daar te kyk, sodat iets aan die kind gedoen kan word. As hy dink dis die skool se werk om net skoolvakke te onderwys, sal dáárdie gevoelens óók met onderhoude teenwoordig wees.

4. <u>Sy gevoelens oor ouer-onderwyseronderhoude</u>

Hy mag dink dis baie belangrik dat met onderhoude ouers ŉ deel vorm van die opvoeding van hulle kinders.

Hy mag ook glo dat beter opvoeding en onderwys kan plaas= vind wanneer daar ŉ gesonde basis vir die begrip van kinders met onderhoude is. Soms hou die hoof onderhoude

terug omdat hy nie skooltyd daarvoor kan afstaan nie en omdat hy huiwer om onderwysers te vra om hulle eie tyd daarvoor te gebruik.

Dit sal goed wees as die onderwyser van baie van sy klerklike werk verlig kan word, sodat tyd vir onderhoude ingeruim kan word.[27] Dit is so dat onderwysers baie skooltyd aanwend om mediese vorms en kaarte, Ed.Lab.-kaarte, registers en talle vorms en state te voltooi. Daar is aanvrae vir handboeke en verbruikbare materiaal, kontrole van voorrade, voltooiing van voogstate, ontvangs en kontrole van skool- en ander fondse, ens. Indien addisionele administratiewe hulp hiervoor verskaf kan word, kan skooltyd ingeruim word vir onderhoude met ouers, briefies aan ouers, aantekeninge oor onderhoude, ens.

## VII. SOORTE SAMESPREKINGS EN DIE BEPLANNING DAARVAN

Casavis sowel as Langdon en Stout onderskei eintlik same=sprekings in twee hoofgroepe, t.w. beplande konferensies en toevallige konferensies. Hieruit vloei dan voort ses soorte konferensies, nl. die toevallige, die telefoniese, die huis, die kind-ouer, die kind-onderwyser en die konferensie deur afspraak.[28]

---

27) Langdon & Stout, op. cit., p. 60 - 72.

28) Casavis, op. cit., p. 78. Vgl. ook: Langdon & Stout, op. cit., p. 257.

## A. VERSKILLENDE SOORTE ONDERHOUDE

### 1. Samesprekings wat toevallig is

Hierdie samesprekings kan in enige plek in die gemeenskap plaasvind: in die straat, die poskantoor, die winkel, die kerk, ŉ sosiale byeenkoms of by ŉ gewone ouer-onderwysers= vergadering. Dit skep gewoonlik ŉ gulde geleentheid om ŉ vaste afspraak met die ouer te reël.[29)]

### 2. Telefoniese konferensie

Hierdie onderhoud kan deur òf die onderwyser òf die ouer geïnisieer word. Wanneer ŉ onderwyser die ouer skakel, is dit goed as hy beleefd, inligtend en saaklik is. Hy moet beplan wát hy wil sê, hóé hy dit wil sê en waarom hy die oproep maak. Die meeste ouers voel dan ook gelukkig wanneer die onderwyser die moeite doen om hulle oor hul kind te skakel.[30)]

### 3. Die huiskonferensie of huisbesoek

Hierdie is samesprekings deur afspraak. Die voordeel van huisbesoek is dat die onderwyser die geleentheid het om die huislike omstandighede waar te neem en daardeur insae te kry in die kind se agtergrond. Hy kan die kind in ŉ nuwe lig sien, hoe hy as gasheer optree of skaam en selfbewus homself terugtrek. Ouers sal ook meer op hulle gemak in hulle huise wees en vryer om te gesels as by die skool.

---

29) Casavis, op. cit. p. 78 - 79. Vgl. ook: Langdon & Stout, op. cit., p. 259 - 260 en 272.

30) Casavis, op. cit., p. 81. Vgl. ook: Langdon & Stout, op. cit., p. 261.

Hulle sien ook die onderwyser in 'n totaal ander lig. Hy is hulle gas met hulle toestemming.

Die ouer kan ook neerbuigend wees en die onderwyser probeer oorweldig met sy materiële welvarendheid. Die beste benadering te alle tye is om absoluut professioneel te probeer wees. Die onderwyser is 'n opvoedkundige praktisyn wat 'n diens het om te lewer.[31)]

4. Die kind-ouer-konferensie

Hierdie konferensie sal gewoonlik by die skool wees. Dit is een waar die ouer of die onderwyser ook die kind teen=woordig het.[32)]

5. Die kind-onderwyser-konferensie

Hierdie konferensie word al meer die patroon in baie klaskamers. Die onderwyser vind dat 'n een-vir-een-verhouding met die kind goeie begrip bou, kinderkommer verminder en die kind in staat stel om aan 'n volwassene op 'n verpersoonlikte wyse 'n relaas te gee - iets wat vandag al minder voorkom. Die knap onderwyser sal aan=houdend besig wees om verhoudinge met die leerlinge op te bou.[33)]

Omdat opvoeding individueel plaasvind, skyn dit logies te wees dat die kind-onderwyserkonferensie móét plaasvind. Dit is eintlik wat die hele voogonderwysstelsel vereis.

---

31) Casavis, op. cit., p. 81 - 82. Vgl. ook: Langdon & Stout, op.cit., p. 269 - 270.

32) Casavis, op. cit., p. 82.

33) Ibid., p. 83.

6. Beplande konferensies by die skool en huis

Dit is onderhoude wat beplan is omdat die mening heers dat saam praat van ouer en onderwyser noodsaaklik is. Die verslaggewende onderhoud is besig om die rapport in baie skole te vervang. Dit bied die geleentheid aan onderwyser en ouer om saam oor al die kind se aktiwiteite - skoollewe, sy vordering in skoolvakke, groepaktiwiteite en individuele verhoudinge - te beraadslaag. Dit kan deel word van die skoolbeleid dat onderwysers met al die ouers van kinders konfereer. Dit kan vroeg in die jaar wees of een keer per termyn.[34]

B. OMSTANDIGHEDE WAT ONDERHOUDE NOODSAAKLIK MAAK

Die hoof as professionele leier van sy skool wat ook skoolbeleid neerlê, sal altyd bewus en op hoogte wees van samesprekings wat gevoer word. En waar onderwysers of ouers samesprekings wil voer, sal dit altyd met sy goedkeuring en medewete geskied. Deur die hoof se eie of deur onderwysers se waarneming kan onderhoude met ouers aangevra word. Ouers kan ook onderhoude aanvra.

1. Onderhoude wat deur onderwysers begin is

Met die voogstelsel veral is dit noodsaaklik dat die voogonderwyser ouers sal raadpleeg in o.a. die volgende gevalle:

---

34) Ibid., p. 84. Vgl. ook: Langdon & Stout, op. cit., p. 258 - 259.

waar 'n kind pas van 'n ander skool gekom het;
waar 'n kind dikwels of langdurig afwesig is;
waar 'n kind baie intelligent of talentvol is;
waar 'n kind hulp in skoolvakke nodig het;
waar die onderwyser graag met ouers wil kennis maak;
waar hy graag oor nuwe vorderingsverslae wil gesels
en waar hy oor 'n kind se gedragsprobleme wil gesels.

2. Onderhoude wat deur ouers aangevra is

Ouers kan onderhoude oor talle sake aanvra, bv. oor 'n kind se vordering, sy rapport, oor te min, te veel of geen huiswerk nie, oor 'n gesinsprobleem, bakleiery van kinders, ens.

Daar is talle situasies waarom onderwysers en ouers dikwels saam wil gesels. Wanneer ouers en onderwyser kan voel dat hulle drie mense is wat belangstel in dieselfde kind, is daar baie om oor saam te gesels. Die onderwyser moet baie aandag daaraan gee om 'n onderhoud doelgerig te hou en om te voorkom dat dit ydele lospraatjies word.[35)]

C. DIE PLEK VIR DIE ONDERHOUD

Die werklike plek vir die byeenkoms is van minder belang, solank dit gerieflik en gemaklik is vir alle betrokkenes. Beide huis en skool het voor-en nadele. Ná beoordeling van die voor- en nadele kom dit daarop neer dat gedoen moet

---

35) Casavis, op. cit., p. 62. Vgl. ook:
Langdon & Stout, op. cit., p. 78 - 105.

/229.

word wat die beste vir die skool is waar mens onderwys gee én vir die besondere onderhoud wat gevoer moet word. Om dit by die skool te hê is tydbesparend vir die onderwyser en tyd moet in ag geneem word wanneer baie onderhoude gevoer moet word. Daar is ook die voordeel dat ouers met die skool in die algemeen en die kind se klaskamer in besonder, bekend raak.

Dit is ook goed om spesiale aandag te gee aan dié dele van die gebou wat die ouer se kind die meeste gebruik. Só maak ouer en onderwyser kennis en kry ouers 'n idee van die dienste wat die skool aanbied. Deur na die skool te kom kry ouers 'n denkbeeld van die skoolopset waar hulle kind so baie van sy wakkerbly-ure bestee. Verder kan die hoof en spesifieke onderwysers ontmoet word en kennis met spesiale dienste gemaak word. Daar is baie ten gunste daarvan dat die onderhoud in die kind se klaskamer moet wees. Veral vir grade-ouers is dit van groot belang om in dié vertrek te wees waar die kind so 'n groot deel van sy skoollewe deurbring. Al die klein besonderhede van sy skoollewe is daar voor hulle om te sien en oor te gesels: die plek waar sy baadjie hang, die biblioteekhoekie, hulpmiddels, skrifte, boeke, speelapparaat, ens. Miskien kan die personeelkamer of ook die saal gebruik word.
Nadele van onderhoude by die skool is hoofsaaklik dat ouers dit dikwels moeilik vind om te kan kom, bv. klein kinders tuis verlang sorg, of siekte en ander huislike verantwoordelikhede, of die vader werk dalk ver weg van die huis of

/230.

skool, werksure is miskien ook net onmoontlik, ens.[36)]

## D. TYE VIR SAMESPREKINGS

Daar is werklik eintlik geen onoorkomlike probleme om tye vir onderhoude by die skool te bepaal nie.[37)]

Hoe vroeër in die jaar die ouer ontmoet kan word, hoe beter, want dit beteken dat die onderwyser die kind dadelik beter ken. Ouers van sommige kinders sal die onderwyser reeds ken en hy sal dalk eers die vreemde ouers eerste wil spreek. Oueraande vroeg in die jaar is ŉ goeie tyd om ouers te ontmoet en om die weg te baan vir latere onderhoude. Dit is ŉ ongeskikte tyd vir werklike onderhoude, omdat aan al die ouers aandag gegee moet word. Sodra ouers agterkom ŉ onderwyser wil onderhoude voer, sal sommige vir ŉ onderhoud vra en andere sal hom na hulle huise nooi.

Baie moeders werk vandag en in ŉ bepaalde gemeenskap kan die getal groot wees. As ŉ mens besef dat sy ŉ dagtaak by haar werk afgehandel het om na haar huis terug te keer om nóg ŉ dagtaak aan te pak, dan blyk dit redelik te wees om die tyd vir die onderhoud só te reël dat dit nie haar las onnodig swaar maak nie. Waar die moeder die enigste broodwinner is, moet die tyd háár pas en kan die

---

36) Langdon & Stout, op. cit., p. 267 - 269.

37) Vgl. p.320 - 322 hieronder vir die praktiese toepassing daarvan in ŉ Transvaalse laerskool.

/231.

hoof die klas vir 30 minute neem sodat die onderwyser die onderhoud kan voer.[38]

Tye vir samesprekings by die skool kan soos volg gereël word:

1. die skool kan vir 'n week lank om 12h00 sluit en 15 - 20 minute onderhoude kan gevoer word;

2. onderwysers bestee ook een of twee aande per week aan ouers wat nie bedags skool toe kan kom nie;

3. die hoof en vise-hoof kan vir een of twee periodes per dag vir 'n sekere tyd 'n onderwyser se klas neem en só die onderwyser vrystel vir onderhoude;

4. 'n byeenkoms in die saal of sportbyeenkomste gedurende skoolure kan 'n hele paar onderwysers vry stel vir samesprekings met ouers;

5. een onderwyser neem twee klasse terwyl die ander een onderhoude voer;

6. studente kan bv. ook twee klasse neem terwyl die onderwysers met onderhoude besig is.[39]

As onderhoude by ouerhuise is, is dit bloot etiket dat die onderwyser sy tyd sal aanpas by die ouers se gerief, met die uitdruklike versoek dat hy graag albei ouers sou wou spreek. Onderwysers wat 'n tyd reël wat vir albei ouers gerieflik is, sal verbaas wees om te sien in hoe baie gevalle albei ouers teenwoordig is. Dit beteken egter om sommige

---

38) Langdon & Stout, op. cit., p. 272 - 274.

39) Ibid, p. 272. Vgl. ook: Bailard & Strang, op. cit., p. 50.

aande én selfs naweke hiervoor aan te wend. Dit is ŉ opoffering van persoonlike tyd, maar baie onderwysers het ervaar dat die verskil wat dit aan ŉ tevrede kind maak en aan begrypende en waarderende ouers, dit die moeite werd gemaak het.

E. DIE GETAL ONDERHOUDE, DIE TYDSDUUR EN WIE DIT SAL INISIEER

By skole waar ŉ sekere getal geleenthede bestaan om vordering te rapporteer, bv. vier keer per jaar, sal daar vier keer onderhoude as ŉ minimum wees, met soveel ekstra as waarvoor daar ŉ behoefte is. Daar mag sommige kinders met spesiale behoeftes wees en gevolglik sal meer onderhoude met húlle ouers as met ander ouers gevoer word.

As die idee van onderhoude eers goed gevestig en op ŉ vriendskaplike basis is, met die doel om oor enigiets wat die kinders raak te gesels, nie nét oor probleme en moeilikhede wat hulle ondervind nie, sal die getal onder=houde self uitwerk - ook diegene wat dit sal inisieer.

Dit neem soms lank vir ouers om daaraan gewoond te raak dat wanneer hulle om ŉ onderhoud gevra word, dit nie altyd moeilikheid beteken nie, of dat húlle die onderwyser se tyd aanvra slegs wanneer daar ŉ probleem is om te bespreek. Die hoof sal dikwels ekstra onderhoude aanvra, maar dit is eintlik natuurlik dat die klasonderwyser dit sal inisieer.

Die tydsduur van onderhoude hang van omstandighede af, maar ŉ balans tussen dinge aanjaag en dinge onnodig uitrek moet gevind word. Ouers moet gewis voel dat daar voldoende tyd is om sake in ŉ ontspanne atmosfeer uit te praat. ŉ Onderhoud van minder as 30 minute is in sommige gevalle vir die ouer byna nie die moeite werd nie.

Waar die onderwyser dit egter nodig vind om onderhoude kort na mekaar te skeduleer, kan dit 10 - 20 minute duur. Gedurende skoolure, as die kinders alleen gelaat word, kan onderhoude ook nie lank wees nie. Dit wys dus dat een onderhoud kort en ŉ ander lank kan wees, maar die gemiddelde duur van ŉ sessie is ongeveer 15 minute. Gesonde verstand, goeie oordeel en gevoeligheid vir die ouers se gevoelens moet steeds die riglyn wees. 40)

Bailard en Strang haal bv. aan van ŉ onderwyseres, ene mev. Bacon, wat haar onderhoude van 1 tot 10 Maart gehad het. Sy het 7 namiddae van 13h00 tot 16h00 en een aand van 19h00 tot 21h00 aangewend en het onderhoude met 31 moeders, sewe vaders en een ouma gehad.

Mev. W. en Mej. K. het hulle onderhoude gedurende skoolure op alternatiewe dae gehad. Hulle het mekaar se klasse al om die ander dag gehad en die onderhoude is in twee weke afgehandel. Mev. W. het met 26 en mej. K. met 33 ouers gepraat. Albei het 100% teenwoordigheid gehad. Hulle het albei waardevolle inligting oor die kinders ingewin. Albei het egter gevind dat hulle 10 tot 15

---

40) Langdon & Stout, op. cit., p. 274 - 277.
Vgl. ook: Casavis, op. cit., p. 37.

minute tussen konferensies nodig gehad het om hulle indrukke neer te skryf en om hulle vir die volgende onderhoud voor te berei.[41]

## F. VOORBEREIDING, BEPLANNING EN VERLOOP VAN ONDERHOUDE

### 1. Vir die onderwysers

Onderwysers moet ook begrip hê van die doelstellings en prosedures van hierdie konferensies en die interpretasie van toetspunte. As onderwysers voel dat húlle ʼn belangrike deel van die opvoedkundige program vorm, sal hulle met groter belangstelling en entoesiasme daaraan deelneem.

Die verstandige hoof sal met individuele onderwysers gesels om misverstande uit die weg te ruim, twyfel op te klaar en om aanvanklike vyandigheid tot ʼn minimum te beperk, vóórdat hy dit by ʼn personeelvergadering bespreek. As hy dan almal se samewerking verkry, is die saak gewonne.

Sorgvuldige voorafbeplanning en opleiding help om te verseker dat konferensies suksesvol sal wees. Dit ontwikkel sekerheid, gereedheid en entoesiasme by onderwysers.[42]

### 2. Voorbereiding vir ʼn spesifieke onderhoud

#### a. Die afspraak maak

Met die eerste algemene ouer-onderwysersvergadering van die jaar kan die hoof aan die ouers vertel van die voorgenome onderhoude. As daar nie ouervergaderings

---

41) Bailard & Strang, op. cit., p. 58 - 59.
42) Ibid., p. 53 - 54.

gehou word nie, kan dit per omsendbrief bekend gemaak word, of die klasonderwyser kan met die toestemming van die hoof aan die begin van die jaar briewe aan sy leerlinge se ouers stuur en sê dat hy hoop om hulle te spreek oor hulle kinders se skoolaktiwiteite. Die briewe dui ook aan dat die kind nie in die moeilikheid is nie omdat al die kinders briewe ontvang.

Of die onderhoud by die huis of die skool is, of die afspraak telefonies gemaak is of per brief, woordeliks of per boodskap is alles van minder belang, solank dit net op só 'n wyse geskied dat dit van bedagsaamheid en hoflikheid getuig en dat ouers oortuig sal voel dat hulle welkom is.

b. Om gedagtes en idees bymekaar te kry

Die onderwyser moet beslis met helder en duidelike gedagtes en idees oor elke kind na die onderhoud kom. Hy moet hom voorberei, onderwerpe noteer wat gunstige reaksie sal uitlok en onderwerpe vermy wat moontlik 'n vriendelike verhouding kan belemmer. Hy kan ook 'n hipotese formuleer van die belangrikste aspekte van die kind se ontwikkeling om in die beperkte tyd van die onderhoud te bespreek.

Hy kan gedateerde voorbeelde van die kind se werk hê om vooruitgang in sekere rigtings aan te dui.

Vanselfsprekend is daar tydens die onderhoud self geen tyd om in die geheue rond te delf vir hierdie of daardie besonderheidjie oor die kind of oor die kind se werk of oor

vorige praatjies met die ouers nie. Deur vooruit te dink kan baie teleurstellings voorkom word, soos iets wat die onderwyser vergeet het wat die ouer verwag dat hy moes geweet het. 'n Belangrike item oor die kind se vordering kan bv. vergeet word of die onderwyser kan 'n huislike besonderheid verwar met dié van 'n ander leerling. Dis logies dat 'n onderwyser met 'n klomp leerlinge sommige besonderhede sal vergeet of misplaas; daarom is dit nodig om al hierdie besonderhede vóór die onderhoud agtermekaar te kry.

Die onderwyser moet beslis op datum wees met al die jongste inligting oor die kind. Dit beteken alle beskikbare rekords moet herlees word. Hy sal vorige onderhoude, Ed.Labs. en gesondheidskaarte herlees; ook sy geheue verfris i.v.m. die huis, sy ligging, ander kinders in die familie, vader en moeder se beroepe, ens. Dit voorkom die noodsaak om wéér vir ouers hierdie inligting te vra, en deur dit met 'n onderhoud te weet, getuig van die onderwyser se belangstelling. Dit is van pas om met die kind te praat oor wat hy graag wil hê sy ouers moet sien, bv. verfwerk en tekeninge in die grade, take, ens. en wat vordering betref, kan hy om sy opinie gevra word wat oor sy vordering gesê moet word.[43)]

Soms geskied 'n onderhoud onverwags en moet daar dadelik idees bymekaar gekry word. Dan sal die ervaring van vorige onderhoude baie help, solank daar niks formeel of

43) Langdon & Stout, op. cit., p. 280 - 281.
Vgl. ook: Casavis, op. cit., p. 84;
Bailard & Strang, op. cit., p. 55.

streng daaromtrent is nie. Dit is bloot 'n geval van idees oor elke kind uitgesorteer en saamgegroepeer te hou.

Bailard en Strang sê i.v.m. die onverwagte besoek dat, omdat dit die ouer is wat die inisiatief neem, die ouer groter gereedheid en ontvanglikheid mag hê vir enige hulp wat die onderwyser kan gee. A.g.v. hierdie samesprekings kan die onderwyser beter werk daarvan maak om die kind te help.[44)]

c. <u>Om ouers te help om die plek te vind</u>

Dis bloot etiket om sake só te reël dat ouers die plek vir die onderhoud met die minste moeite sal vind. Ouers wat vir die eerste keer kom, mag mismoedig voel oor die baie lokale, gange, ens. Hulle mag die kamer nommer verloor of vergeet het en moet dan orals inloer vir die regte plek. Dis soms die beste om te reël dat ouers na die sekretaresse se kantoor gaan waar die onderwyser die ouers persoonlik kom ontmoet.

Gedurende skoolure kan die onderwyser selfs die ouer se eie kind stuur om hulle by die kantoor te gaan ontmoet, of as die kind te klein is, kan 'n groot kind hulle gaan haal.

d. <u>Die ouers se gerief</u>

As reëlings vir die onderhoud getref is, is dit net etiket om daaraan te dink dat ouers gemaklik moet wees terwyl hulle daar is. Klein besonderhede soos waar om te sit, watter

44) Bailard & Strang, op. cit., p. 72.

stoele om te gebruik, beligting, ventilasie, ens. is belangrik omdat dit baie te doen het met fisiese gemak. ŉ Mens kan miskien nie gemakstoele voorsien nie, maar mens kan sorg dat ouers nie in ŉ koue trek sit of ŉ skerp lig in die oë het nie, ens. Dit is bedagsaam om só te reël dat ŉ lang persoon nie dubbeld hoef te vou op ŉ lae stoeltjie nie, of ŉ kort persoon op ŉ hoë stoel met voete wat in die lug swaai nie. Op ŉ warm dag sal ŉ glas koue water welkom wees. Op ŉ koue dag sal die geleentheid om warm jasse uit te trek vóór die samesprekings verwelkom word. Alle tekens van bedag=saamheid sal deur ouers verwelkom word.

Die onderwyser moet verkieslik nie agter sy lessenaar sit nie. Dan sal party ouers meer op hulle gemak voel.

Die onderwyser moet sorg dat daar geen onderbrekings is nie. Stiptelikheid deur die onderwyser, by die skool of by die huis, is uiters noodsaaklik. Dis eintlik ongeskik as ouers moet wag totdat die onderwyser ŉ klomp ander dinge gedoen het vóór die onderhoud kan begin. As ouers laat is, moet die onderwyser probeer om nie gesteurd te lyk nie. Die hoofsaak is om die ouers nie soos kinders wat laat vir skool is te laat voel nie.

As die onderhoud by die huis is, moet die onderwyser vroegtydig vasstel hoelank die rit daarheen per bus, fiets of motor sal duur sodat hy betyds kan wees.[45]

---

45) Langdon & Stout, op. cit., p. 283 - 285.

## 3. Die voer van die onderhoud

Die voer van die onderhoud lê hoofsaaklik in die onderwyser se hande, omdat hy die onderhoud gereël het en dit min of meer vir ouers vanselfsprekend is om hulle na die onderwyser te wend om leiding vir die aanvang van die onderhoud.

### a. Die kuns om te luister

Die meeste onderwysers praat te veel. In die kort onderhoud is hierdie tendens opvallend juis omdat hulle so gretig is om aan die ouer soveel moontlik hulp in die kort tyd te wil gee.

Onderwysers sal minder geneig wees om ongevraagde advies te gee as hulle net besef dat om te luister die grootste hulp vir beide ouer en onderwyser is en dat die sukses van ŉ onderhoud dáárvan afhang.

ŉ Onderwyser wat aandagtig luister, wat die ouers oortuig dat hy begrip het vir hulle gedagtes, gevoelens, wat deur sy woorde en uitdrukking wys dat hy hierdie konferensie as uiters noodsaaklik beskou, stimuleer die ouers om logies te dink en oplossings vir die probleme wat aan hulle voorgelê is, te soek.[46)]

### b. Sensitiwiteit van die onderwyser

Die onderwyser moet al die tyd baie sensitief wees oor wat die individuele ouer dink of voel. Deur die ouer se gesigsuitdrukking en liggaamlike bewegings dop te hou, deur te luister na wat hy sê sowel as wat hy verswyg, kry die onderwyser aanduidings van hoe doeltreffend sy

---

46) Bailard & Strang, op. cit., p. 56.

benadering is.[47]

c. Hoe om aan die gang te kom

Dit help soms om aan die ouers by die skool as jou gaste te dink, en as jy by hulle huis is, dat jy hulle gas is. Doen dan wat jy in sulke omstandighede sal doen. Begin deur iets algemeens te sê oor iets plaasliks. Sê dankie dat hulle gekom het, of dat hulle jou ontvang het. Dit is egter die onderwyser se taak om die gesprek oor die kind te begin. Die direkte metode kan gevolg word. Dit kan grasieus en mooi en altyd op 'n positiewe noot begin word. Soms kan onderwysers dit só kortaf en formeel doen dat dit onvriendelik klink.

As die onderhoud by die huis is, moet die onderwyser sorg dat die geselskap nie doelloos is nie, maar dit moet na die kind gevoer word. Of die onderhoud by die skool of by die huis is, of watter soort onderhoud dit ook is, dit is hoofsaak dat dit dadelik op 'n vriendelike en positiewe noot moet begin.[48]

d. Waaroor om te praat?

Dit is beter om nie hiervan 'n probleem te maak nie, maar om eenvoudig net te praat waaroor ouer of onderwyser wil praat. Praat maar oor iets wat die kind gedoen het of by die huis of skool gaan doen. Ouer en onderwyser wil miskien saam daaroor beplan.

---

47) Ibid., p. 57.

48) Langdon & Stout, op cit., p. 285 - 288. Vgl. ook: Casavis, op. cit., p. 84 en 224.

Soos 'n onderhoud vorder, is dit natuurlik vir die onderwyser om van die kind se skoollewe te vertel, en die ouers praat van sy doen en late tuis. Dikwels kan die onderwyser wenke gee wat vir ouers behulpsaam kan wees. Daar moet egter daarteen gewaak word om ouers te vertel wát om te doen en hóé om dit te doen; húlle is diegene wat daaroor moet besluit.[49]

e. <u>Die onderhoud tussen die begin en die einde</u>

Te dikwels is die "probleme" met hierdie konferensies die hoofonderwerp en soms die enigste onderwerp van bespreking met die ongelukkige uitsluiting van die kind se prestasies, bekwaamhede en belangstellings.

Nie alle kinders is goed aangepas nie, maar alle kinders het tog voortreflike eienskappe. Hieroor kan nuttig gesels word. Dit beteken nie dat probleme geïgnoreer moet word nie, maar dat uitstaande hoedanighede onthou moet word.

Onderwysers moet weet dat ouers nie altyd oor hulle kinders verontrus voel nie. Baie ouers, ten spyte van oomblikke van verontrusting, is heeltemal gelukkig met hulle kinders, vind opgang in hulle, is bly om hulle te hê en behartig die opvoeding so in die normale gang van sake.

Wanneer ouers dink dat die onderwyser hulle aanvaar soos hulle is, sal hulle hul probleme na vore bring: die dinge wat hulle bekommer, waarvoor hulle hulp nodig hét en die

---

49) Langdon & Stout, op. cit., p. 75.

dinge wat hulle dronkslaan. Die onderwyser sal ook 'n paar dinge kan noem. Dit is die sake waaroor gepraat en saamgewerk moet word.

Baie dinge sal gesê word wat betrekking het op die ouer-kind-verhouding, of wat lig sal werp op die grondliggende filosofie van die gesinslewe, of wat die hele gesins=klimaat waaruit die kind se gedrag spruit, sal ophelder. As daar negatiewe gedagtes en stellings by die ouer is, moet dit uitkom.

Ouer en onderwyser kan saam besluit oor die volgende stappe wat geneem moet word. Hierdie beplanning is ver van die idee dat die onderwyser al die antwoorde moet ken. Dit getuig eerder van 'n gee-en-neem-verhouding waaruit beide ouer en onderwyser kan leer.

Dit is verkeerd om die negatiewe wat die ouer van die kind sê as aanknopingspunt te neem. Neem liewer die positiewe. Moedig die ouer aan om voorstelle of planne aangaande die kind aan die hand te doen. Die doel van die konferensie moet gesamentlike ontginning van idees en probleme wees sowel as koöperatiewe beplanning. Dis uiters noodsaaklik dat die onderwyser die kind se totale huislike milieu ken; anders is dit nutteloos om voorstelle te maak wat waarskynlik nie uitgevoer kan word nie, bv. om van 'n baie arm ouer te verwag om duur wiskunde apparaat vir die kind aan te skaf. Dit is nog 'n rede waarom voorstelle uit koöperatiewe denke en beplanning moet groei.[50]

50) D'evelyn, op. cit., p. 13 - 14.

Die onderwyser kan hier 'n bydrae lewer omdat hy intíeme kennis, méér as iemand anders, het van wat met die kind by die skool aangaan en omdat hy waarskynlik 'n breë algemene kennis van kinders het. Deur die ouer van die kind se bekwaamhede en moontlikhede te vertel, laat die onderwyser die ouer voel en verstaan dat hy van die kind hou, dat die kind baie goeie eienskappe het en dat hy hulp nodig het.[51)]

Dit is moontlik en redelik dat die onderwyser gedurende 'n onderhoud vrae sal vra, kommentaar sal lewer en voorstelle sal maak, maar nie op die basis van veroordeling van wat die ouers vermag het nie, of om aanspraak te maak dat hy al die wysheid in pag het.

f. Om die onderhoud te beëindig

Die onderwyser moet weet wanneer ouers graag wil loop. Hulle kyk bv. op hulle horlosies, hulle is ongemaklik, senuagtig en weet nie meer wat om te sê nie, of dit lyk of hulle tot in die oneindigheid sal gesels en bly. Wat die geval ookal is, daar is 'n manier om die onderhoud op só 'n wyse te beëindig dat die weg vir 'n volgende konferensie oop is. Die onderwyser kan opsom wat gesê is en byvoeg: "Volgende keer kan ons vergelyk watter vordering ons gemaak het". As niks gebeur nie, kan hy opstaan en sê: "Ek weet u is besig en waardeer dit dat u gekom het", en so die onderhoud beëindig. As ouers nóg aanhou praat, loop saam tot by die deur. Sê ook dat die aspek wat nou geopper is,

---

51) Ibid., p. 20.

/244.

by die volgende onderhoud bespreek kan word. Die meeste ouers sal by die herkenning van die tekens weet dat die onderhoud verby is. Daar word immers niks gewen deur ŉ onderhoud uit te rek of voort te laat sleep tot lank na die redelike tyd wat bepaal is nie.

By die ouerhuis moet die onderhoud ook nie stomp afge= breek word nie. Onderhoude moet altyd op ŉ positiewe noot eindig.

By die skool is dit gepas om die ouers by die gebou uit te vergesel, in plaas daarvan dat ouers self hulle pad uit moet vind.

Goeie onderhoude kom egter nooit vanself nie. Daar is baie dinge wat gedoen kan word om die sukses daarvan te verseker, dinge wat die onderwyser kan leer om te doen. 52)

g. <u>Opsomming van die onderhoud</u>

Soms verlaat ouers die konferensie baie ontevrede. Dit is gepas as die onderwyser dan ŉ opsomming van die hoofpunte maak. Hy kan daaruit iets nuttigs ontdek.

ŉ Ander nut van die opsomming is dat ŉ getroue weergawe van die samesprekings aan dié ouer wat afwesig was, gestuur kan word. Gewoonlik is dit die moeder wat na die skool kom. Sy sal haar man vertel wat die onderwyser van hul kind gesê het. ŉ Opsomming is ŉ groot hulp vir haar wanneer sy verslag lewer van die belangrike resultaat van die samesprekings.

---

52) Langdon & Stout, op. cit., p. 289 - 293.
Vgl. ook: Casavis, op. cit., p. 224;
D'evelyn, op. cit., p. 13 - 20.

h. Die ope-deur

Aan die einde van die onderhoud is dit altyd wenslik om ŉ verdere besoek voor te stel as die ouers dit so verkies. Maar die hoof kan ook van mening wees dat daar by die ouer nog baie onbeantwoorde vrae is en dat ŉ opvolgings= konferensie noodsaaklik is. Die ouer het ook tyd om die posisie tot die volgende konferensie te deurdink. Die tydsverloop na die volgende samesprekings bied ook aan die hoof en onderwysers geleentheid om data te versamel d.m.v. oproepe, waarnemings, toetse, ens.[53)]

i. Mislukkings met onderhoude

Een of ander tyd sal elke onderwyser ŉ mislukte onderhoud met ouers hê. Soms is dit a.g.v. onbedagsame dinge wat die onderwyser gesê het. Elkeen sê een of ander tyd ŉ verkeerde ding. Soms, dit maak nie saak hoe knap die onderwyser die onderhoud gevoer het nie, word die verlang= de resultate eenvoudig nie bereik nie. Persoonlike probleme by die huis waar daar groot emosionele betrokken= heid is, kan soms ŉ ouer in ŉ kwaai bui na die skool toe bring om iets te bespreek wat heeltemal vreemd aan die probleem self is. Onderwysers moet dan nie verontrus voel nie, tensy hulle weet dat hulle werklik deel het aan die blaam.[54)]

G. KONFERENSIES WAT SPESIFIEK OOR VORDERINGSVERSLAE GAAN

In die meeste skole in Transvaal is dit waarskynlik die gebruik om ná eksamens rapporte huis toe te stuur. Met ingang 1975 sal leerlinge van gr. i tot st. 1 almal

53) Bailard & Strang, op. cit., p. 57. Vgl. ook: Casavis, op. cit., p. 69.

54) Bailard & Strang, op. cit., p. 81.

/246.

vorderingsverslae ontvang waar 'n 5-puntskaal aandui hoe elkeen se vordering oor vele fasette van die werk is. Met die gebruiklike rapport is opmerkings soos: "Jannie moet meer aandag aan Engels bestee," "Wiskunde moet verbeter", ens. veelal die gebruik waar Jannie swak in Engels of Wiskunde doen. Die ouer besef ook gewoonlik dat sy kind in Engels of Wiskunde kan verbeter, maar is meesal magteloos om iets daaraan te doen en verwag tereg dat die onderwyser moet toesien dat 'n verbetering intree. Met vorderingsverslae kan die rapport nog steeds gebruik word, dog met dié verskil dat elke onderwyser met elke ouer oor sy kind se vor=dering gesels.

Ondersoeker het hierdie metode beproef en die onderwysers het terselfdertyd ook breër samesprekings met ouers gevoer. Hierdie samespreking wat spesifiek oor vor=deringsverslae handel, het inter alia dié voordeel dat 'n onderwyser aan Jannie se ouers kan verduidelik waar sy probleme in Wiskunde setel, wat die onderwyser doen om dit te verbeter en hoe die ouer moontlik behulpsaam kan wees.[55)]

Met hierdie konferensies word alles wat vir alle ander konferensies geld, in ag geneem. In wat volg dui Bailard en Strang mooi aan wat al die omringende omstan=dighede en gevoelens met hierdie tipe samesprekings is. Ouers is gewoonlik gretig om te weet hoe hulle die kind

55) Vgl. p. 317-322 vir proefneming.

kan help en is verontrus as hulle dink hy maak nie bevredigende vordering nie. Sommige ouers sal 'n kind oor 'n swak rapport straf, ander sal met hom raas en voorregte ontsê totdat 'n beter resultaat behaal is. Die straf is dikwels onverdiend omdat die kind sy beste probeer doen. Kinders kla dat hulle ouers nooit tevrede is nie. Al is die rapport goed, sê hulle nog dat dit beter kon gewees het. Die meeste ouers met begrip probeer om die kind op spesifieke maniere te help en as hulle nie kan nie, verwys hulle hom na die onderwyser.

Uit die gewone rapport kan ouers nie veel aflei hoe hulle kan help nie. Met spesifieke ouer-onderwyser= samesprekings kan ouer en onderwyser saam verantwoor= delikheid daarvoor aanvaar. Die betekenisvolste neiging vandag om leerlingvordering te rapporteer is dan ook die toenemende beklemtoning van samesprekings.

Hierdie konferensies oor rapporte kan enige onderwyser senuweeagtig maak. Dit is heel natuurlik, want die onderwyser dink hy word deur die ouers beoordeel en dat sy reputasie grootliks van hulle opinie van hom afhang. Die onderwyser kan egter baie doen om sy vrese uit te skakel.

Eerstens moet die onderwyser altyd die konferensie op 'n positiewe noot en sonder 'n kritiese gesindheid begin. Hy moet onthou dat die hoofdoel van die samesprekings is om gesamentlik te dink, inligting te bekom en te beplan tot die kind se voordeel. Die konferensie moet

/248.

as ŉ vriendskaplike byeenkoms gesien word - ŉ geleent=heid vir twee of meer volwassenes wat in dieselfde persoon belangstel en informeel maar konstruktief en doelbewus oor hom gesels. Tweedens moet die onder=wyser vir die onderhoud voorbereid wees. Hy moet duidelikheid oor die hoofdoel van die onderhoud hê, bv. die gee en ontvang van inligting oor die kind, noukeurige evaluering van sy werk, om moontlike oor=sake oor sy gedrag - goed of sleg - te verneem, beplanning met die ouer oor sy beste ontwikkeling en verduideliking van die skoolprogram.56) Ouers het dikwels goeie idees en sal dit liewer gewilliglik uitvoer as idees wat die onderwyser op hulle wil afdwing.57)

## H. KONFERENSIES MET VERSKILLENDE OUERS

### 1. Konferensies met ouers van voorskoolse kinders

By elke stadium van ŉ kind se ontwikkeling het hy sy ouers nodig. Gedurende hulle kleinkinderjare gee ouers aan hulle ŉ gevoel van vertroue dat alles in hulle klein persoonlike wêreldjie reg is. Die later voorskoolse tydperk is ŉ tyd wanneer kinders gesindhede ontwikkel wat hulle benadering tot die leerproses bepaal. Vóór die

---

56) Die onderwyser in die R.S.A. behoort altyd t.o.v. die skoolprogram die ontwikkeling en opvoeding van die hele kind in die Christelik-nasionale skool te ver=duidelik. Die noodsaak van samewerking tussen huis en skool en die Christelik-nasionale voorbeeld van elke opvoeder moet beklemtoon word.

57) Bailard & Strang, op. cit., p. 93 - 99.

/249.

kind skool toe kom kan ouers help om die kinders spesifieke kennis en kundighede te laat aanleer, wat gereedheid vir lees en ander leer teweeg bring. Dit is so dat ouer-onderwysersamesprekings nie ŉ merkbare verandering aan ŉ ouer se ingeburgerde houdings of basiese persoonlikheidstruktuur kan meebring nie, maar dit mag help dat die ouer sy gedrag in klein opsigte kan verander wat tot groot voordeel van die kind kan lei. Die ouer se ver=anderde gedrag mag lei tot ŉ verbetering van die kind se gedrag wat vanselfsprekend die ouer baie gunstiger daarteenoor sal laat reageer.

Gedurende kleinkinderjare moet die ouers se liefde vir kleuters onvoorwaardelik wees - dit is die tyd dat ŉ basiese begrip van vertroue gebou word. Later, gedurende die voorskoolse jare, moet kleuters leer dat hulle die verantwoordelikheid deel om hierdie liefdesverhouding te handhaaf. Tensy die voorskoolse kind leer om verantwoordelikheid te aanvaar en ook uit te voer, sal hy moontlik nie maklik by die strenger vereistes van die skool aanpas nie.

Van die vroegste jare kan ouers reeds tot die sukses van die kind se lees bydra. Om luid vir hom te lees wek sy belangstelling in boeke en maak hom bekend met die taalpatrone van die letterkunde. Deur die ouers en ouer broers en susters te sien lees vir inligting en genot, vermeerder sy begeerte om te leer lees. Hierdie dinge moet die hoof en onderwysers in gedagte hou

/250.

wanneer hulle met ouers van voorskoolse kinders praat. As die onderwyser van hierdie gunstige middele kan aanmoedig, is dit net tot die kind se voordeel.

Gedurende die voorskoolse jare vorm die kind gesindhede teenoor ander mense en teenoor werk en spel. Hy ontwikkel 'n gevoel van vertroue óf 'n gevoel van vrees vir sy wêreld en die mense daarin. Hy is vol selfvertroue en redelik onafhanklik of het 'n gebrek aan inisiatief en is oorafhanklik. Sy nuuskierigheid oor alles wat hy sien en hoor en hanteer, is ontwikkel of dit is onderdruk. Dis duidelik vir elke onderwyser dat die gesindheid en gedragspatrone wat die kind saam met hom skool toe bring, baie te doen het met sy skoolsukses of mislukking.

Daar is 'n groot behoefte vir groepbyeenkomste en konferensies tussen ouers en onderwysers van voorskoolse kinders. Om die kwartaal net vóór die kind skool toe kom daarvoor te gebruik is reeds te laat. Vir die kind sal dit min baat omdat sommige skool- of leerprobleme hulle oorsprong reeds in die kleuterdae en vroeë voorskoolse jare het.[58)]

Die hoof behoort periodiek ouers van alle voorskoolse kinders, of hulle reeds skoolouers is of nie, d.m.v. kennisgewings en die ouer-onderwysersvereniging na ouersamesprekings te nooi waar hy met behulp van ervare grade-onderwyseresse ouers oor die voorgaande sake kan inlig.

---

58) Ibid., p. 122 - 125.

Bailard en Strang beveel vervolgens aan dat, om 'n kind te help om leesgereed te word, die voorskoolse kind interessante ervaringe gegee moet word om oor te praat. Luister na hom, lees vir hom en moedig sy nuuskierigheid, selfondersoek, selfontdekking en selfleer aan.

Die moeilikste onderhoud is die een met die ouer wat al die antwoorde ken, maar nie die kind werklik liefhet nie.

Dan moet daarteen ook gewaak word om sóveel aandag te gee aan die ontwikkeling van die kind sodat hy persoonlike sukses kan behaal dat hy vergeet om goedhartig te wees.[59] Dit dui net weer aan dat die hele kind opgevoed moet word op 'n Christelike grondslag.

## 2. Konferensies met ouers oor leesprobleme

Kinders uit bevoorregte gesinne vir wie gelees is, wat baie geleenthede gehad het om interessante dinge te sien en daaroor te praat, wat geleer het om verskillende klanke en vorms te onderskei, wat die name van die alfabet ken en wat ander ervaringe gehad het wat hulle gretig maak om te lees, is gereed om te lees as hulle skool toe kom. Dwarsdeur die laerskool moet ouers aanhou om aan kinders nuwe ervaringe te gee, konversasie aan te moedig en belangstelling te toon in hulle kind se vordering. Bowenal moet hulle liefde vir hom toon.

Onderwysers moet kennis dra van die populêre artikels wat ouers lees. Deur die lees van hierdie artikels en sekere boeke het baie ouers oortuig geword dat hulle

---

59) Ibid., p. 126 - 129.

kinders se leesprobleme te wyte is aan ŉ gebrek aan klanke.

Die kind wat klanke ken, onderskei en verstaan.

Met ŉ konferensie oor die rol van die ouer met lees en ook oor ander aspekte van die kind se skoolsukses, moet die onderwyser se doel wees om ouers minder afhanklik te maak van die "stem van gesag". Ouers moet leer om self te kan oordeel wat die beste vir die kind is.

Ouers is nie die enigste wat invloed in ŉ kind se lewe het nie. Ander mense in die huis - broers en susters, grootouers, ander familie en vriende van die gesin - het verskillende soorte en grade van invloed. Die skool, die kerk, die omgewing en die wêreld soos dit deur die radio en televisie in die huis gebring word, het alles invloed op die kind se ontwikkeling. Al hierdie invloede mag invloed op sy persoonlikheid en karakter hê. Maar albei ouers is nodig. Elkeen het ŉ aandeel in die totale ontwikkeling van die kind. Sy ontwikkeling word egter grootliks beïnvloed deur sy belangstelling in en deur lees.[60)]

3. Konferensies met ouers van begaafde kinders

a. Ouers se verantwoordelikheid

Ouers moet hierdie kinders help om ŉ goeie perspektief te ontwikkel en te behou oor hulle plek in die lewe. Dit

---

60) Ibid., p. 132 - 139.

is reg dat die begaafde kind moet weet dat hy sekere verantwoordelikhede teenoor die maatskappy het vanweë sy potensiaal. As ꞌn kind egter vertel word dat hy baie slimmer as ander kinders is en hy die idee gegee word dat hy beter as hulle is, kan sy gevolglike houding van meerderwaardigheid veroorsaak dat sy potensiële volgelinge van hom sal wegdraai na iemand anders wat hulle aanvaar en waardeer.

b. Skool se verantwoordelikheid

Onderwysers en ouers van begaafde kinders wat volgens vermoë of onder vermoë presteer moet byeenkom om in= ligting oor hom uit te ruil wat hom kan bevoordeel. Die doelstellings met so ꞌn onderhoud is eerstens om genot uit te spreek om die ouers van so ꞌn begaafde kind te ontmoet. Laat hulle verstaan dat die kind skynbaar hoë potensiaal het en dat dit nuttig sal wees om kennis oor hom uit te ruil. Vra hoe hy by die huis is en dui spesifieke kundighede wat hy openbaar het, aan. Bespreek die verantwoordelikheid wat hierdie kind moet leer om te dra vanweë die noodsaaklikheid vir die soort leierskap wat hy in staat is om op een of ander wyse te gee. Die ouer moet ook begryp dat die kind se bekwaam= hede potensieel is en dat ontwikkeling grootliks van die leiding van die huis en skool afhang. Begaafde kinders behoort op ꞌn vroeër leeftyd as ander kinders verantwoor= delikheid vir hulle gedrag te aanvaar. Wys daarop dat hierdie kind in ꞌn heterogene groep sal wees waar hy nie

/254.

meerderwaardig teenoor ander leerlinge moet optree nie. Benadruk die waarde van goeie menseverhoudinge en waardering van die superieure kwaliteite van ander kinders. Gee aan ouers 'n lys van boeke en tydskrifte wat van werklike belang vir die kind vir lees tuis sal wees. Beklemtoon die nodigheid dat die kind 'n verskeidenheid ervaringe moet hê, soos besoeke aan museums, fabrieke, ens. om met mense in verskillende beroepe te gesels. Benadruk die belangrikheid van geleenthede vir skeppingswerk by die skool en die huis, soos skilder, skryf vir kindertyd=skrifte, stokperdjies, ens. Maak seker dat ouers weet dat die toekoms van die kind die gesamentlike verant=woordelikheid is van die skool, ouers én die kind, en dat die skool gretig is om sy deel te doen om stimulerende ervaringe en uitdagings aan hom te bied.[61]

4. Konferensies met ouers van vertraagde kinders en van stadige leerders

a. Die vertraagde kind

Een van die ontstellendste ondervindings van 'n ouer is die besef dat hy 'n verstandelik vertraagde kind het. Baie ouers voel skuldig dat hulle so 'n kind het. Hulle is op die verdediging oor hom of apologeties of albei. Ouers het baie vrese oor hierdie kinders. Sal hy enigiets in die skool kan doen? Party ouers kan nie hulle teleurstelling en selfs ook haat vir hierdie vertraagde kinders verberg nie. Met 'n onderhoud is dit onmoontlik

---

61) Ibid., p. 142 - 144.

om ŉ verandering in so ŉ gesindheid teweeg te bring. Die onderwyser kan slegs die ouers in klein dingetjies lei wat hulle gedrag teenoor die kind kan verander. Sekere ouers is oorbeskermend. Hulle doen alles vir die kind. Dikwels wil ouers nie toegee dat hul kind vertraag is nie. Hulle is uiters moeilik met ŉ onder= houd. Selfs al sou hulle die feite intellektueel aanvaar, kan hulle dit nie emosioneel aanvaar nie.

Ouers van hierdie kinders gaan gewoonlik deur vier stadia van denke en gesels. Eerstens betreur hulle die verlies van die kind wat hulle verwag het om te hê. Hulle vra: "Hoekom het dit met my gebeur? Is dit oor iets wat ek gedoen of nie gedoen het nie?" Tweedens het hulle ŉ renons in die persoon wat hulle die waarheid omtrent hulle kind vertel het en gaan hulle na iemand anders vir gerusstelling. Derdens kom hulle uiteindelik weer terug na die persoon wat eerlik met hulle was. Vierdens aanvaar hulle langsamerhand die situasie.

Die hoof vertel hulle nie wat om te doen nie en hy oefen nie druk op hulle uit nie. As dit die beste blyk te wees om die kind in ŉ inrigting of spesiale skool te plaas, sal hy die voor- en nadele van die inrigtings beskryf.

Met ouers wat self verstandelik vertraag is, is ŉ ander benadering nodig. Die hoof moet hulle spesifiek vertel wat om te doen, maar moet probeer dat hulle voel húlle het die besluit geneem.

b. Stadige leerlinge

Ouers van hierdie kinders is gewoonlik van lae sosio-ekonomiese status. Hulle is die ouers wat gewoonlik nie skoolbyeenkomste bywoon nie en ook nie vir die kind hulp soek nie. Dit is dan ook moeilik vir die onderwyser om die ouer te help om die situasie realisties te benader.[62)]

5. Konferensies i.v.m. beroepsvoorligting aan ouers en kinders

Vroeg reeds in die laerskool is dit uiters noodsaaklik dat onderwysers ouers moet laat besef wat die moontlike potensiaal van hulle kind is. Versigtigheid moet aan die dag gelê word om nie onvoorwaardelike voorspellings of verklarings te maak nie. Liewer: "Bennie sal akademiese werk altyd moeilik vind", of "Kosie kan 'n uitstekende student wees as ons voortgaan om sy belangstelling te prikkel".

Elke keer wanneer die onderwyser die voorgaande verklarings maak, het hy die geleentheid om te wys op die groot verskeidenheid beroepe wat vir die jeug beskikbaar is. Daar kan nooit genoeg gewys word op die noodsaaklikheid om st. 10 te behaal en dan 'n kollege of universiteit by te woon nie.

Dit klink miskien idealisties, maar dit is realisties in die sin dat dit ouers help om oor die kind se toekoms te dink.

---

62) Ibid., p. 155 - 165.

In die primêre skool waar die onderwyser vir die grootste deel van die dag in direkte kontak met die kind is, aanvaar hy die vernaamste verantwoordelikheid om die kind en die ouer te lei. Die personeel van die primêre skool moet 'n groot deel van die verantwoordelikheid neem om ouers voor te berei op die weg om realisties te wees oor hulle kinders se relatiewe potensiaal.[63)]

I. AFSPRAKE MAAK EN REKORDS HOU VAN SAMESPREKINGS

1. Inleiding

Dit is seker nie wenslik om voorskriftelik te wees met die wyse van afsprake maak, die tyd, die aantal onderhoude, ens. nie. By elke skool in Transvaal word volgens vasgestelde roosters gewerk en dit sal nie prakties moontlik wees dat ouers na willekeur gedurende die dag en die jaar hul opwagting vir onderhoude met onderwysers maak nie. Samesprekings met hoofde vind gewoonlik volgens afspraak plaas ooreenkomstig elke hoof se skoolbeleid, hoewel onverwagte onderhoude gereeld voorkom.

Dit is dus wenslik en noodsaaklik dat die hoof self hierdie belangrike aspek van die opvoeding en onderwys, nl. konferensies as onderdeel van voog- en voorligting= onderwys, behartig deur dae waarop dit moet plaasvind, te bepaal. Hy moet ook vasstel en bepaal hoeveel algemene konferensies per jaar moet plaasvind. Uit die aard van die saak sal daar talle opvolgingskonferensies

---

63) Ibid., p. 173 - 174.

wees met individuele gesinne, wat ook steeds met sy medewete sal plaasvind. Tersaaklike inligting wat die hoof d.m.v. konferensies bekom, mag hy na goed=dunke tot die betrokke voogonderwysers se beskikking stel.

2. Uitnodiging aan ouers

Die hoof sal ŉ uitnodigingsbrief aan ouers rig wat deur hom en ook deur die betrokke onderwysers van elke kind onderteken word. In die brief sal die datum en tyd van die onderhoud, asook die lokaal, die onderwyser en kind se naam verskyn. Ruimte sal op die brief gelaat word waarin die ouer sy instemming betuig om die afspraak na te kom. In die brief sal aangedui word dat elke ouer van elke kind so ŉ brief sal ontvang en dat die onderhoude tot 10 - 15 minute beperk is.

3. Rekords oor samesprekings

a. Watter gebruik kan van rekords gemaak word?

Die rekord van een onderhoud sal dien as ŉ herinnering sodat, wanneer die volgende een plaasvind, daar nie onnodige tyd gemors word om te probeer terugroep waaroor die laaste gesprek gegaan, of waar dit opgehou het nie. As aantekeninge van belangrike inligting wat ouers verstrek het, gemaak is, sal onderwysers die verleentheid gespaar word van die vergeet van inligting wat onthou moes gewees het.

/259.

Die hoofdoel met die rekord van die onderhoud bly steeds om die kind beter te verstaan en om te weet hoe om met hom te werk. Dit dui dus daarop dat enigiets wat die onder=wyser kan help met die kind se daaglikse skoollewe, op die rekord aangeteken moet word.

b. <u>Wat kan op die rekord geplaas word</u>?

i. <u>Oorweging van wat gebeur het</u>: ná die ouers weg is, moet die onderwyser dink aan ouers se kommentaar, aan die indruk wat hulle gemaak het, hulle gevoelens oor die kind en alles wat behulp=saam kan wees tot voordeel van die kind.

ii. <u>Sommige sake wat die onderwyser sou wou neerskryf</u>

Die onderwyser sal miskien kortliks neerskryf van die hoofsake wat bespreek is, want dit kan vir die volgende onderhoud handig wees. Ook algemene inligting wat deur ouers verskaf is, kan nuttig in skrif wees, bv. die vader wat siek is, ŉ nuwe huis wat bewoon word en waarin die kind sy eie kamer het, die moeder gaan miskien werk of verander van werk of werk staak. Maak melding van die ouers se stokperdjies, vorige beroep, kinderdae-ervaring, vervulde of onvervulde verwagtinge en ambisies.

Daar is miskien ŉ voorstel deur die ouers hoe die onderwyser die maklikste met die kind kan werk.

Gevoelens is belangrik. Die onderwyser wil dalk

/260.

aantekeninge maak van die soort gevoelens wat met die onderhoud geheers het. Ouers het miskien waardering oor die onderhoud uitgespreek.[63]

c. <u>Hoe die rekords gehou sal word</u>

i. Die beste is dat die verslae in ꞌn lêer gehou en bewaar word sodat daar kontinuïteit van jaar tot jaar kan wees. Dan sal intelligente rigting=gewing van die kind se ontwikkeling duideliker wees.

ii. Die kriteria vir bevredigende konferensies is bondigheid, objektiwiteit en etiek. ꞌn Lang, woord=ryke gedetaileerde verslag is onnodig en onprakties. Dit moet ꞌn verklaring bevat van die probleem soos deur die ouer en/of die onderwyser gesien en van die koöperatiewe beplanning wat onder=neem is om die kind te help. Méér persoonlike en vertroulike inligting moet verkieslik nie op skrif gestel word nie. Hierdie verslag gaan met die kind van gr. i tot st. 5.

iii. Wanneer om die rekord te voltooi

Die onderwyser kan dit nie dadelik doen nie. Hy sal alles eers goed wil deurdink wat om neer te skryf. Party onderwysers skryf onmiddellik ꞌn paar sleutel=woorde en kort aantekeninge terwyl alles nog vars in die geheue is. Eers daarna word meer feitelike

63) Langdon & Stout, op. cit., p. 320- 324.

besonderhede geskryf.

Aantekeninge moenie gedurende onderhoude gemaak word nie. Ouers mag dink die onderwyser luister net met 'n halwe oor; ander sal weer dink hulle moet versigtig wees met wat hulle sê omdat alles neergeskryf word.[64]

iv. Om vandaar verder te gaan

Die dinge wat neergeskryf is of onthou word, is die rekord. Dit is die resultate van die onderhoud wat dan in praktiese bruikbaarheid omskep moet word. Hierdie rekordhouding het slegs betrekking op die onderwyser se eie rekords van onderhoude vir opvoedings- en onderwysdoeleindes. Hieruit vloei algemene en spesifieke beplanning vir volgende onderhoude voort. Die onderwyser leer uit die onderhoude en sal met verdere onderhoude moontlik die vreugde smaak dat ouers sal sê: "Dit was goed om saam te gesels het".[65]

## 4. Voorkoms van 'n konferensiekaart

Beide Casavis[66] en D'evelyn[67] gee voorbeelde van konferensiekaarte. Die voorbeeld hieronder is 'n kombinasie van die twee.

Die kaarte kan 15 cm by 20 cm wees en die voor- en agterkant word gebruik.

---

64) Ibid., p. 326 - 330. Vgl. ook: D'evelyn, op. cit., p. 87.

65) Langdon & Stout, op. cit., p. 331 - 332.

66) Casavis, op. cit., p. 225 - 226.

67) D'evelyn, op. cit., p. 88 - 89.

Die voorkant kan soos volg daaruit sien:

OUER-ONDERWYSERKONFERENSIEKAART

Naam van kind: gr./st.

Naam van ouer:

Naam van onderwyser:

Datum van konferensie:

Samesprekings versoek deur:
(Hoof, ouer, onderwyser)

Doel van eerste samesprekings:
(bv. om ouer te ontmoet; om sommige oorsake van Sannie se gedrag te probeer vasstel: sy is gespanne, opstandig, verkies om alleen te speel, ens.)

Doel van tweede samesprekings:

Doel van derde samesprekings:

/263.

Die agterkant van die konferensiekaart kan soos volg uitsien:

| |
|---|
| Algemene klimaat by die eerste samesprekings: |
| Algemene klimaat by die tweede samesprekings: |
| Algemene klimaat by die derde samesprekings: |
| Resultaat van eerste samesprekings: |
| Resultaat van tweede samesprekings: |
| Resultaat van derde samesprekings: |

/264.

D'evelyn wys daarop dat alle verslae oor samesprekings deur onderwysers op ꞌn professionele wyse behandel moet word, soos ꞌn geneesheer sy rekords van pasiënte behandel. Dit mag net deur die onderwyser of onderwyseres wat met die kind of ouer werk, gesien word en is streng vertroulik.[68)]

5. Ouers se reaksies ná die eerste samesprekings

Waar ꞌn skool hierdie konferensies vir die eerste keer toegepas het, kan baie geleer word uit ouers se reaksies deur ꞌn brief soos hieronder aan ouers te stuur.

Ouer-onderwyserkonferensie : vraagbrief

Geagte Ouers

Voltooi asseblief hierdie vorm na u konferensie met u kind se klasonderwyser en stuur dit terug.

U kommentaar sal baie waardevol wees om hierdie konferensie na waarde te skat.

Die uwe

HOOF

OUER SE KOMMENTAAR.

Ek vind hierdie samesprekings die moeite werd omdat ...

Hierdie samesprekings kan verbeter word deur ...

Dit is nie nodig om hierdie vorm te teken nie.[69)]

---

68) Ibid., p. 91.
69) Gewysigde voorbeeld van Casavis, op. cit. p. 230.

## VIII. SLOTOPMERKINGS

Dit is nie moontlik om in hierdie hoofstuk breedvoerig uit te wei oor die talryke aspekte van ouer-onderwyser=samesprekings nie. Voogonderwys wat in wese geïndividu=aliseerde en gedifferensieerde opvoeding en onderwys is, sal waarskynlik nooit tot sy reg kom tensy daar beraad=slaging en samesprekings tussen die voogde van elke individuele kind is nie. Ouer en onderwyser moet presies weet waarheen hulle met die kind gaan.

In die Afrikaner se Christelik-nasionale lewens- en wêreldbeskouing is die einddoel met die opvoeding en onderwys van die kind deur huis én skool om die kind na God te lei. Ouer en voogonderwyser mag verskil oor hulle doelstellings met die kind. Hierdie verskille kan slegs na vore kom d.m.v. vertroulike gesprekvoering.

In die volgende hoofstuk word benewens die ontleding van hoofde se opinies oor verskillende aspekte van voogonderwys, ook 'n eksperiment met ouer-onderwysersamesprekings oor vorderingsverslae gedurende skoolure, omskryf. 'n Aanduiding word ook gegee van hoe soveel moontlik kinders in die voorligtingsprogram aan sportaktiwiteite kan deelneem waar hulle ook in spel waargeneem kan word. 'n Waarskynlike voogvorm wat vir elke kind in die laerskool aangewend kan word, word ook verskaf.